

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 10, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2010 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Gaan “politieke korrektheid” ons vernietig?

Alhoewel baie mense nie hierdie feit begryp nie, sal die toenemende invloed van “politieke korrektheid” uiteindelik help om die Verenigde State, Groot Brittanje en Kanada te *vernietig*! As 'n man wat in Amerika grootgeword en omtrent vier jaar van my volwasse lewe in Brittanje deurgebring het, kan ek eerlik getuig dat in my amper 80 jaar van menslike ondervinding ek nog **nooit** die basiese waardes en die lewenswyses van ons voorouers in *al* ons Engelssprekende nasies so erg ondermyn sien word nie. “Politieke korrektheid” is soos 'n kanker. Dit versprei stadig en byna onnaspeurbaar deur die liggaam totdat die dood verseker is. Miljoene mense het geliefdes of vriende weens kanker verloor. Ontelbare miljoene meer mense gaan nogtans in ons lande vernietig word as gevolg van die “kanker” van politieke korrektheid.

Hoe durf ek ditskryf?

Omdat politieke korrektheid feitlik *elke basiese waarde* ondermyn waarop ons Westerse nasies in die dekades van die verlede gebaseer was. Elke ware Christen wat dit probeer teenstaan sal *wreed vervolgt* word. Alhoewel hulle dit selde indien ooit sal erken, vertoon die voorstanders van “politieke korrektheid” 'n onderliggende *wrok* en dikwels selfs **haat** teen die idee van 'n *ware God* – 'n God wat aan hulle kan sê wat om te doen, en *hoe* hulle hulle lewens

behoort te leef. Soos Jesus Christus gesê het: “En dit is die oordeel: dat die *lig* in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; **want hulle werke was boos**” (Johannes 3:19). Die “lig” wat Jesus Christus verkondig behels inderdaad 'n bestendige *manier van lewe* wat gebaseer is op opregte gehoorsaamheid aan die wette en beginsels saamgevat in die Tien Gebooie. Jesus het ook gesê: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

Wanneer God se duidelike instruksies in die Bybel nogtans in die openbaar herhaal of deur sommige van ons instansies gepropageer word, word ultra-liberale “politiek korrekte” individue sigbaar woedend. Hulle handel asof mense gekant is teen dit wat goed en redelik is wanneer hulle praat van God as die Skepper, of sê dat die *Bybel* die basis behoort te wees van alle korrekte gedrag. *Hoe ver* het ons geval!

Soos baie van u weet, het die vroeë leiers van beide Amerika en Brittanje *ontslaglike* agting gehad vir die leringe van die Bybel. President George Washington het gesê: “Dit is onmoontlik om die wêreld reg te regeer sonder God en die Bybel”. Die bekende staatsman, Daniel Webster, het opgemerk: “As daar enigiets aan te beveel is in my gedagtes of styl, kom die krediet my ouers

toe wat in my 'n vroeë liefde vir die Skrif ingeboesem het. Indien ons hou by die beginsels wat in die Bybel geleer word, sal ons land voortgaan om te floreer en om voorspoedig te wees; maar indien ons en ons nakomelinge die Bybel se instruksies en gesag verwaarloos kan niemand sê hoe skielik 'n katastrofe ons kan oorweldig en al ons glorie in diepe duisternis hul nie”.

William Gladstone – wat gerespekteer word as een van Brittanje se grootste leiers – het gesê: “Ek het 95 van die wêreld se groot manne in my tyd geken, 87 van hulle het die Bybel gevolg. Die Bybel is gekenmerk met 'n Besonderheid van Oorsprong, en 'n onmeetlike afstand skei dit van alle mededingers”. Die beroemde Britse wetenskaplike, Sir Isaac Newton, het gesê: “Daar is meer betroubare tekens van egtheid in die Bybel dan in enige ongewyde geskiedenis”.

Wanneer Christen leraars vandag egter verduidelik dat hoerery,owerspel, dronkenskap, homoseksuele praktyke en aborsie absoluut **verkeerd** is, neem die wêreldlikes – insluitend, droewig genoeg, baie senior joernaliste – groot aanstoot. Inderwaarheid probeer hulle dikwels diegene *vervolg* wat sulke sienings het – en verseker daardie ware predikers wat God se opdrag volg om daardie sienings te **onderrig!** Nadat Jesus Self die tyd van oorlog, opstand en verskriklike

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Gaan “politieke korrektheid” ons vernietig?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Satan se agenda **3**

“Wat wou die Duiwel doen?” Hoe wou hy die agteruitgang en val van nasies wat eens grootliks deur God geseënd was, teweegbring?

Kan u moeilike dinge doen? **8**

In 'n tydperk van gemaklikheid en gerieflikheid, beskik u oor dit wat nodig is om self tot die uiterste toe in te span en om altyd u beste te lewer?

Welkom tot die nuwe EU! **13**

1 Desember 2009 dui 'n historiese keerpunt vir die Europese Unie en vir die Verenigde Koninkryk aan.

Het u die onvergeeflike sonde gepleeg? **16**

Een van die mees sielpynigendste bekommernisse is die vrees om van God afgesny te wees.

Sewe lesse van die sewe Gemeentes **20**

Ons leef in uitdagende tye in die geskiedenis van die Kerk wat Jesus gestig het.

Gereeld

Vrae en Antwoorde **23**

Profesie neem gestalte aan **24**

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Mōre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Satan se agenda

Deur Roderick C. Meredith

“Wat wou die Duiwel doen?” Hoe wou hy die agteruitgang en val van nasies wat eens grootliks deur God geseënd was, teweegbring?

Dit lyk asof die Verenigde State van Amerika besig is om uitmekaar te val. Selfs al woon u in Brittanje, Kanada, Australië, of elders, word hierdie feit reg oor die wêreld al meer opsigtelik. Verskeie internasionale koerante en tydskrifte maak daarvan melding. Mense is opreg dronkgeslaan oor hoe en waarom dit gebeur.

Die geïnspireerde woord van God maak dit baie duidelik dat Satan die duiwel eintlik die “god” van hierdie tydperk is – van hierdie huidige menslike samelewing. *Indien* u werklik die Bybel glo en dit pligsgetrou bestudeer, sal u dit sekerlik verstaan. Die apostel Paulus het tipiese, vleeslike mense beskryf: “... *naamlik* die ongelowiges in wie die **god** van hierdie wêreld die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:4).

Later het die apostel Paulus geskryf dat sodanige mense “... volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” leef (Efesiërs 2:2). Satan is dus die een wat in werklikheid baie van die gedagtes en impulse wat mense ondervind *beheer*. In die meeste gevalle *beheer* Satan die media indirek, want hy is die

onsigbare “owerste van die mag van die lug”. In die boek Openbaring was die apostel Johannes geïnspireer om Satan te beskryf as “... die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die hele wêreld verlei [mislei]*” (Openbaring 12:9).

Baie skrywers en gesaghebbendes het die Verenigde State van Amerika beskryf as die “laaste groot bastion” van vryheid en Christelikheid. Indien ek Satan was, **hoe** sou ek te werk gaan om die nasie te vernietig wat – *in die verlede* – die meeste van sy wette en gebruike op die Bybel gebaseer het, wat Christelikheid in naam reg oor die wêreld bevorder het en wat op sy muntstukke aandui: “*In God We Trust* (Ons vertrou op God)”?

Satan mag op *baie* maniere te werk gaan, maar ek voorsien vyf fundamentele metode waardeur Satan die Verenigde State van Amerika ten gronde kan laat gaan – *en hy is besig* daarmee.

1. Vernietig die morele wese van Amerika

Satan verrig 'n meesterlike werk deur predikante, intellektuele leiers en opvoeders van ons nasie te verwar aangaande ware godsdiens. Hy kry dit baie bedrewe reg om

moraliteit as oudtyds uit te beeld. Hy kan veroorsaak dat die duidelike onderskeid tussen reg en verkeerd baie “vaag” is, sodat sedelikheid en diep respek vir wet en gesag stadig uitgewis word.

Satan maak dat ware godsdiens vir ons mense na “outyds” en selfs *uitgedien* lyk! *Honderde* boeke en artikels wat God en die Bybel aanval, het die laaste paar jaar die lig gesien! Ons politieke en selfs geestelike leiers skram toenemend weg van 'n duidelike beskrywing van geloof in 'n persoonlike God – veral 'n God wat wette en 'n lewenswyse daargestel het. Indien daar enigsins van “God” melding gemaak word, is dit 'n vae begrip, ver verwyderd van die ware God van die Bybel.

Die meeste van u ouer lesers kan dit duidelik insien. Baie van ons onthou nog hoe, toe Amerika in 1941 by Pearl Harbour aangeval was, President Franklin Roosevelt sy hartroerende toespraak aan die Kongres van die Verenigde State afgesluit het met dié woorde: “Ons sal die onvermydelike oorwinning behaal, *so help ons God!*” Die begrip van 'n *ware* God was baie meer oorwegend in daardie tyd en was ingeboesem in die morele wese van die hele nasie – deur die skole, huisgesinne en ander instellings van die samelewing.

Dit alles is vinnig besig om te verdwyn.

2. Ondermyning van die huisgesin

Die meeste mense besef dat *hegte huisgesinne* die grondslag is van enige ordentlike samelewing wat nog ooit bestaan het. 'n Baie werklike Satan die duiwel sal baie daarvan hou om **ontslae te raak** van sterk vaders – die *regte soort manlike leiers* in die huisgesin – asook om die liefdevolle vrouens en moeders te ondermyn wat die tuistebouers moet wees en so baie te doen het met die sedelike vorming van 'n kind se karakter. Enige samelewing wat vernietig kan word deur respek teenoorders te ondermyn, **is in die moeilikheid**. Enige samelewing wat deur Satan verontreinig kan word deur “radikale feminisme” en die “geveg van die geslagte” te bevorder, is in die moeilikheid. Dit veroorsaak nie net groot verwarring vir die huidige geslag nie, maar ook vir toekomstige geslagte. Deur die idee dat “homoseksualiteit aanvaarbaar is” in te bring, word 'n nasie *grootliks ondermyn*. Dit vernietig die regte grondslag van 'n huisgesin – en verbloem die eintlike basiese grondslag dat 'n ware huisgesin bestaan uit 'n man en 'n vrou wat 'n nageslag voortbring – kinders wat direk *uit hul eie liggame voortkom*, wat soos hulle lyk en hul erfenis deel.

Satan werk dus oortyd, soos die meeste van u besef, om die huisgesin op 'n duisend

verskillende maniere te ondermyn. Vir 'n hele paar dekades skeer die media die gek met sterk vaders – dit het lank terug met Blondie en Neels [Dagwood] begin maar kom nou voor in *baie meer* spotprente, televisieprogramme en ander aanbiedings. Die vader word gewoonlik uitgebeeld as of té streng – uit voeling en ontogewend – of anders as 'n onbeholpe idioot wat oor sy eie voete struikel en probleme veroorsaak, totdat hy vergewe word deur sy skerpsinnige, bekwame vrou, wat uitgebeeld word as die **werklike** leier van die huisgesin. Alhoewel dit na ligte vermaak mag lyk as u in die begin daaraan dink, is dit werklik 'n *gruwel* in God se oë, omdat dit die spot dryf met God se ware doel vir 'n gesin.

Ja, Satan gebruik die hedendaagse media om verwronge begrippe van die huisgesin te propageer, tot in so 'n mate dat baie van ons jong mense vandag – wat **nooit** die ander sy gesien het nie – aanvaar dat hierdie verwronge begrippe maar reg is! Die toenemende *druk* om homoseksualiteit as “normaal” te beskou is ook 'n *gruwel* in God se oë. Dit sal die huisgesin en die nasie sekerlik verder verdeel – en die begrip van 'n ware God wat die Bybelse leerstellings oor homoseksuele gedrag geïnspireer het, geweldig *ondermyn*. Verlede jaar het ons plaaslike koerant 'n hoofartikel onder die opskrif “*A Church Divided*”, gepubliseer. Die ondertitel vertel die hele storie:

“Nadat stemming hierdie week meer regte aan homofiele [gays] verleen het, staar 'n groter skeuring lede van die Episkopaalse Kerk in die gesig” (*Charlotte Observer*, 18 Julie 2009). Die artikel toon hoe mense in daardie denominasie – mense wat dikwels vriende was – werklik verskeurd is as gevolg van hulle besorgdheid oor die kwessie van homoseksualiteit. Omdat die meeste mense *nie werklik die Bybel bestudeer* of dit ernstig opneem nie, gaan seksueel-verdorwenes voort om hul agenda kragtiger te bevorder en wen hulle steun namate elke jaar verbygaan. Een leier in hierdie beweging het gesê: “Ek is oortuig dat die huidige begrip van homoseksualiteit, hoe dit gebeur en hoe verhoudings bestaan, nie beskrywend is van wat die begrip was in Jesus se tyd nie” (*ibid.*).

Dink! Indien daardie selfde idee – om wat 'n “begrip” in Jesus se tyd was, te verander, of om te aanvaar dat Hy nie die waarheid oor “hoe verhoudings bestaan” verkondig het nie – ook toegepas word op ander Bybelse leerstellings, wat sal dan gebeur? God se duidelike opdragte oor owerspel, hoerery, diefstal, leuens – en enige ander Bybelse leerstellings – kan dan in amper enige moontlike rigting verdraai en verdorwe word, net waarheen hierdie “vooruitstrewendes” graag wil gaan. Dit behoort ooglopend te wees. So het dit dus gekom dat belydende dienaars van Jesus Christus, wat **afgesny is van God** as gevolg van hulle gebrek

aan gehoorsaamheid aan Sy Gebooie (1 Johannes 2:4), die Bybel nou verdraai en verwing, net soos God Self gesê het hulle sal doen. Hulle verkondig nou 'n heeltetal vals vorm van Christelikheid en sedelikheid wat *bykans enigiets vergewe*. Soos God waarsku: “Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak” (Jesaja 3:12).

'n Bietjie verder aan in Jesaja waarsku God ons ook: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter” (Jesaja 5:20).

Met so 'n verwarde en vleeslike benadering selfs in sogenaamde “Christelikheid”, *is dit geen wonder* dat toenemende getalle mense ontnugter is deur godsdienste nie – en maklike prooi word vir Satan se plan om die *huisgesin te vernietig*.

3. Vernietig die ekonomie en die waarde van die dollar

Satan besef sekerlik dat een manier om 'n nasie te *vernietig* is om sy ekonomiese welvaart te *ondermyn*. So is dit dat Satan die duiwel – deur die begrippe van werklike eerlikheid en harde werk te vernietig, asook die korrekte grondslag van Christelikheid gebaseer op gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie – in staat is om ons nasies op hierdie manier ten

gronde te laat gaan. Amerika word nou gekonfronteer met die vooruitsig om sy kinders se toekoms vir toekomstige *geslagte* te “verpand” as gevolg van verkwistende uitgawes. Toenemende getalle bedagsame ekonome begin dit besef. Toenemende getalle artikels verskyn nou in ons belangrikste publikasies wat dit erken.

Die aanduiding is dat toenemend *biljoene* dollars wat aan so baie regeringsprogramme spandeer word, begin veroorsaak dat selfs Amerika se buitelandse krediteure soos China, Japan, Rusland en ander nasies, begin terugskyn op hul Amerikaanse beleggings. Aangesien daardie beleggings die dollar en die Amerikaanse lewenstandaard ondersteun, is dit werklik vreesaanjaend vir alle ekonome wat verstaan. Dit is 'n *gewisse pad* na die vernietiging van die dollar – wat baie mense erken onafwendbaar is – **tensy** ons terugkeer na fiskale verstandigheid!

God het aan ons voorvaders gesê, indien hulle wegdraai van gehoorsaamheid aan Sy Gebooie, “... [sal] Ek ... julle trotse mag verbreek” (Levitikus 26:19).

Nadat God Sy volk gewaarsku het om terug te keer na *gehoorsaamheid* aan Sy Gebooie, voorspel Hy: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees. En al hierdie vloeke

sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie” (Deuteronomium 28:43-45).

As gevolg van haar nasionale sondes is Amerika inderdaad “laer en laer” afgebring en – in plaas van om die wêreld se grootste uitlener te wees soos wat dit voorheen was – is dit **nou** die wêreld se grootste skuldenaar! Soos God gesê het, hierdie is 'n “vloek” wat sal voortduur totdat Amerika “verdelg” is, omdat dit as nasie **in gebreke gebly** het om *God se Gebooie* en Sy lewensweg te *gehoorsaam*!

Dit is tyd vir die Amerikaanse volk en ander volke van die wêreld, wat van die Britte afstam, om **wakker te skrik**!

4. Beswadder patriotisme en 'n nasionale begrip van doelgerigtheid

Toe ek nog 'n jong man op hoërskool was, het ons “*The Star Spangled Banner*” hoor speel by bykans *alle* openbare geleenthede – of dit in die skool of in die gemeenskap was. Ons het op aandag gestaan en lustig ons nasionale volkslied gesing! Toe die Tweede Wêreldoorlog begin het, het selfs diegene wat nie van President Franklin Delano Roosevelt gehou het nie, verenig in 'n sterk sin van eenheid. Hy was mos *ons* President en ons het geweet ons moet saamstaan, *ons nasie*

liefhê en tot God bid dat Hy ons sal verlos van die verskriklike bedreiging wat die Spilmoondhede ingehou het.

Miljoene Amerikaners het besef dat hul nasie 'n tipe van "Israel" was. Die Verenigde State was 'n *geseënde* nasie. Amerikaners het hul koppe hoog gehou. Die mense was gretig om hul leiers te ondersteun, om die nasie sterk en verenigd te hou. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en vir jare daarna, het nuuslesers oor die nasionale radio en later televisie, altyd 'n *lojale* tema laat hoor. Hulle het nie altyd saamgestem met alles wat gedoen was nie, maar mens kon aanvoel dat hulle *almal vir Amerika* was.

Deesdae is Amerika se politieke leiers – en baie leidende opvoeders en persone in die media – geneig om hier en daar twak te praat oor enigiets wat patrioties is. President Barack Obama het selfs – oor en oor – *verskoning* gevra vir wat Amerika in die verlede gedoen het! Dit lyk of Amerika se leiers *skaam* is oor die seëninge wat God aan hul nasie gegee het en oor die oorwinnings wat Hy in die Eerste en die Tweede Wêreldoorloë, asook in baie ander verskriklike beproewings, aan hul verleen het. Baie Amerikaners het hul nasionale insig van doelgerigtheid **verloor**, hulle diepgewortelde patriotisme – en hulle diepgaande respek vir die **God** wat dit alles moontlik gemaak het.

Ek kan *honderde* artikels aanhaal wat aantoon hoe

Amerika as 'n nasie "die pad bystergeraak het" en hoe die sin van patriotisme eenvoudig *nie meer dieselfde* is as wat dit voorheen was nie. Almal van u, lesers, behoort egter te verstaan – soos baie van u doen – dat die Amerikaanse en Brits-afstammende volke inderdaad baie "spesiaal" is. Nee, hulle is **nie** "beter" as ander nasies nie. Die Almagtge God het egter in die Skrif voorspel dat die Amerikaanse en Brits-afstammende volke, in die eindtyd, die "grootste enkel nasie" en die grootste "gemenebes" van nasies sou wees. God het aan hierdie nasies seëninge verleen wat hulle nou verkwis as gevolg van opstand teen Hom!

Ons wil graag aan u 'n opwindende en kragtige boekie gee wat hierdie lewensbelangrike waarheid sal **bewys** vir enige persoon wat gewillig is om te verstaan. Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, skakel ons asseblief of skryf aan die Streekkantoor die naaste aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif), of gaan aanlyn na ons **webtuiste** www.wvm.co.za en vra vir u **gratis** kopie van ons insiggewende en leersame boekie, "*Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*" Wanneer u dit gelees het, sal u verstaan **waarom** Amerikaners kon sing oor "the land of the free and the home of the brave [die land van die bevryde en die tuiste van die dapperes]". Dit sal u help om deur en deur te verstaan waarom die lied "God

bless America" praat van die nasie wat strek van "sea to shining sea". Waarlikwaar, die Amerikaners en al die volke wat van die Britte afstam, behoort *baie dankbaar* te wees teenoor die grote God wat hulle al hierdie seëninge gegee het – en die mense van hierdie eertydse groot nasies behoort baie nederig, *met hulle hele hart*, te **bekeer** van selfsugtigheid en opstand en terug te keer na die ware God!

5. Beheer oor die media om bogenoemde te bevorder

Honderde artikels en selfs boeke in geheel kan opgenoem word om aan te toon hoe die hedendaagse media gebruik was en steeds gebruik word, om die begrippe van vaderlandsliefde, ware godsdiens, die huisgesin – en bykans elke aspek van 'n ordentlike lewe, te *ondermyn!* Onthou, God se woord noem Satan "die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2).

Satan is inderdaad *in beheer* van hierdie aarde se atmosfeer en hy maak sekerlik gebruik van die "luggolwe" (soos ons gewoonlik radio-uitsendings en nou televisie noem), om voortdurend met anti-God, anti-Christus en anti-Bybelse konsepte mense se verstande te infiltreer. Die meeste van ons het nie besef hoe *vindingryk* dit gedoen word nie, want dit is 'n geleidelike proses wat ons

bekruip het. Dit is soos die voorbeeld van die padda in die pot wat so stadig warmer word dat dit nie betyds uitspring nie! My vriende, *ons* is daardie padda! Ons laat toe dat ons denke “geprogrammeer” word deur die moderne media sodat dit stadig maar seker **teen** die God van die Bybel draai, teen Sy wette en Sy lewenswyse, teen die ware begrip van die huisgesin self, teen opregte vaderlandsliefde – inderdaad, teen *alles* wat ons nasies in die eerste instansie *groot* gemaak het!

Klink dit slegs na skrikaanjaende praatjies van my kant af? Nee! Oorweeg die voorbeeld van die Nasionale Openbare Radio. Soos die meeste van u weet, word die NOR gedeeltelik deur die regering geborg en is veronderstel om 'n “hoofstroom” middel te wees om nuus en inligting aan die Amerikaanse publiek uit te saai. Nogtans het die NOR Raad in Mei 2009 die bewoording van sy mediabeleid verander om te lees: “NOR Lidstasies sal **slegs** [eie beklemtoning] nie-sektariese, nie-politiese, nie-kommersiële opvoedingsinhoud op al die uitsendingskanale en

verbandhoudende media verspreidingsplatforms voorsien soos mede-vennote wat die NOR lede se handelsmerke gebruik”. Dit beteken dat NOR stasies wat godsdienstige programme uitgesaai het, al sodanige programme vanaf 1 Mei moes staak.

Wat van ander openbare afsetgebiede? Die Stasiedienskomitee van die Openbare Uitsaaidiens [PBS in Amerika] – nog 'n federaal-befondsde media afsetgebied – het geskryf hulle “plaas hoë waarde op die aanbieding van 'n verskeidenheid perspektiewe, as teenvoeter vir streng aanhanging aan enige enkele politieke of godsdienstige standpunt” en dat selfs, as toegelaat word dat 'n paar verskillende godsdienstige standpunte uitgesaai word, sal party bo ander bevoordeel word en “veroorsaak dat die publiek se vertrouwe in die PBS afneem, tesame met die waarde van die handelsmerk”.

Sedert hierdie verandering van krag geword het, is *baie* godsdienstige programme wat deur NOR lidstasies aangebied was, “besnoei”! Satan is stadig maar seker besig om alle

verwysing na die God van die Bybel te verwyder, tensy God uitgebeeld word op 'n wêreldse en gewoonlik op 'n direkte *negatiewe* manier. Die groot nasie van Amerika – wat hulself voorheen 'n “Christelike” nasie genoem het – het God die rug toegekeer in hardkoppige, opsetlike ongehoorsaamheid. Intussen laat Amerikaners toe dat “heidene” floreer in hul verskillende uitdrukkings van godsdienste en filosofie, selfs terwyl hulle dikwels opregte Christene *vervolg*.

Ons nasies het die Tien Gebooie **versaak** – God se Wet wat lei tot werklike vryheid en vrede (Jakobus 2:12). Ons stuur dus nou af op *algehele ondergang* – **tensy** daar 'n werklike nasionale bekering en terugkeer na die God van die Bybel is! Mag God ons almal help om dit steeds meer te beseft na gelang die maande verbygaan – en namate die droewige storie van nasionale agteruitgang voortgaan. Die meeste van ons *is lief* vir ons nasies, maar ons behoort God **meer** lief te hê en te bid dat Hy sal help dat ons **wakker skrik** – as enkelinge, indien nie nasionaal nie – voor dit te laat is!

WvM

Vervolg vanaf bladsy 19 – Onvergeeflike sonde

die Fariseër, geregverdig na sy huis gegaan het? Hy het gebid: “... o God, wees my, sondaar, genadig!” (Lukas 18:13). Mag God u help om Hom heelhartig te

soek, want Hy is in staat om u sondes te vergewe en om u van alle ongeregtigheid te reinig. Indien ons volhard in hierdie boetvaardige gesindheid, kan

ons seker wees dat ons nie die onvergeeflike sonde gepleeg het nie en dit ook nie sal pleeg nie!

WvM

Kan u moeilike dinge doen?

Deur Rod McNair

In 'n tydperk van gemaklikheid en gerieflikheid, beskik u oor dít wat nodig is om uself tot die uiterste toe in te span en om altyd u beste te lewer?

“Een, twee ... een, twee ... een, twee!” gee ek luidkeels die pas aan terwyl ons twee groen kano's voortsnel na die oorkantse oewer. Donker wolke rol in vanuit die weste, terwyl die lug troebel-blou verkleur. Ons doop ons roeispane in die donkerwordende waters, die wind gooi spoei in ons gesigte en die kano's bokspring met elke golf.

Ons bestemming was 'n beskutte baai in noordelike Minnesota se Namakanmeer. Na 'n worsteling oor die watermassa maak agt druipnat kanovaarders dit tot in die beskutte baai. Terwyl ons vaartuie die kalm waters van die landingsplek binnevaar, was ek getref deur die reaksie van my mede-roeiers. Hulle was moeg en uitgemergel – maar gladnie ontmoedig nie. Hulle was eintlik in ekstase! Die trotsering van die golwe het hulle energiek gelaat en hulle was opgewonde omdat hulle die uitdaging aanvaar en daarvoor geseëvier het!

Dit was die vierde dag van 'n sesdaagse, 80 km kanovaart deur Voyageur Nasionale Park en hierdie tog het die reklame, dat dit 'n eenkeer in 'n leeftyd ondervinding sal wees, gestand gedoen. Drie-en-veertig tieners van oor die hele wêreld het gekom na hierdie park wat oor die Amerikaanse-Kanadese grens

strek om die verruklike, ongerepte natuurskoon van die grenswaters te beleef.

Die tieners, saam met 27 volwassenes wat gedien het as gidse en begeleiers, het op 'n helder, aangename dag hulself en hul toerusting in 17 kano's ingedruk om die vaart te begin. Die mooi weer het egter gou verander en elke dag daarna het nuwe winde, reën en donderstorms gebring – met slegs nou en dan 'n verposing. Slaapsakke was papnat, tente deurweek, muskiete was genadeloos en spiere was seer.

Kortliks gestel: *Dit was wonderlik!*

Waarom het ons onself begeef op 'n vaart deur 'n afgeleë landskap met geen watterverwarmers en geen binnenshuise loodgieterswerk nie? Om die tieners ellendig te laat voel? Nee! Ons wou hulle op 'n kanovaart neem wat baie min mense nog ooit ervaar het. Ons het gehoop om aan hulle nuwe vaardighede te leer wat hulle in werklike situasies kon beproef. Ons wou hulle help om in te sien dat hulle die deursettingsvermoë kon bymekaarskraap om te volhard, selfs wanneer hulle uit hul gemaksone geforseer word. Ons het dit gedoen om hulle te help leer om teenspoed saam te trotseer, om saam te snoer as 'n

span en uitdagings saam te oorkom. Ons wou *hulle leer om moeilike dinge te doen.*

'n Uitdaging vir tieners

Dit is jammer, maar in vandag se oorfloedige Westerse kulture word tieners nie slegs selde aangemoedig om moeilike uitdagings aan te pak nie – hulle word dikwels allerhande verskonings gegee om te faal! In reaksie op hierdie neiging het tieners Alex en Brett Harris in 2008 'n boek geskryf: “*Do Hard Things*”, waarin hulle tieners aanmoedig om die lewe vierkantig in die oë te kyk en hul tienerjare te gebruik as beginpunt na die volwasse lewe. Hulle herinner ons daaraan dat die tienerjare nie maar net daar is om die “tyd te verwyf” nie. Alhoewel daar vir 'n tiener genoeg tyd vir pret is, is die tienerjare 'n unieke tyd van voorbereiding vir 'n toekomstige suksesvolle lewe – deur opleiding te verkry, die denke te oefen, persoonlikheid te ontwikkel *en om te leer om moeilike dinge te doen.*

Om die tienerjare te behandel as 'n “vakansietyd sonder verantwoordelikheid”, is 'n taamlieke nuwe verskynsel. In “*America in So Many Words*”, wys skrywers David K. Barnhardt en Allen A. Metcalf daarop dat die

benaming “tiener” nie eens in gebruik was voor die eerste deel van die 20ste eeu nie. “Derhalwe het die jare wat in *-tiener* eindig iets nuuts en eiesoortig geword ... die tiener het ons wêreld herskep. Die konsep is ... ondermynend: Waarom sou enige tiener sy vryheid onderwerp aan die gesag van volwassenes? Met die ontdekking van hierdie nuwe tydperk het ons eeu tot nou toe die eeu van die tiener geword” (bl. 234).

Dit is waar dat nie alle tieners wegstroom van verantwoordelikheid en hul tyd vermors nie. Baie is pligsgetrou, beplan vir die toekoms en werk hard. Baie is voorbeeldige, onselfsugtige mense wat hulself daarop toelê om andere te dien. Nogtans trotseer hulle huidiglik 'n kultuur wat hoofsaaklik jeugdige onverskilligheid en traagheid aanmoedig.

Dit is geen verrassing dat die Bybel verskil van ons 21ste eeuse kulturele norm nie. Byna 3,000 jaar gelede het Koning Salomo geskryf dat ons ons jeugjare moet geniet – binne die oorhoofse konteks van ontwikkeling van 'n verhouding met God: “Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring” (Prediker 11:9).

Ja, God wil hê dat tieners hulle jeug moet geniet en pret moet hê. Hy wil hê dat hulle die

wêreld moet verken en hulle verstand moet ontwikkel. Hy wil hê dat hulle verhoudings moet opbou en hulle persoonlikhede moet ontwikkel. Deur dit te doen beteken dit nie 'n dekade-lange vakansie sonder enige verantwoordelikheid nie. Die tienerjare is 'n tyd waarin mens leer om hard te werk, 'n geharde verstand en 'n sterk karakter te ontwikkel en om te leer hoe om God se Wet toe te pas om goeie – en soms moeilike – keuses te maak, wat sal help om die grondslag te lê vir 'n suksesvolle lewe!

Ouers kan tieners onwetend ontmoedig om hul beste te lewer deur nie van hulle 'n sterk karakter te verwag nie. Ons kinders sal styg tot die vlak van ons verwagtings. Ons moet hulle egter help om 'n edel lewe te begin bou, met karakter en sedelike krag. Salomo sê immers: “Die seun laat hom alreeds aan sy handelinge ken, of sy handelwyse suiwer en of dit reg is” (Spreuke 20:11).

Beteken dit dat jong mense volmaak sal wees? Natuurlik nie! Hulle maak foute. Hulle het aanmoediging nodig – en soms teregwysing. Ouers moet egter nie verwagtings verlaag of verskonings vir mislukkings maak nie. Ons moet hulle inspireer om die regte ding te doen, selfs wanneer dit moeilik is.

Nie net vir tieners nie

Waarom is dit so belangrik om tieners aan te spoor om verantwoordelikheid in die gesig

te staan? Omdat traagheid in die tienerjare lei tot traagheid by jong volwassenes! Hedendaagse televisie beeld dikwels 20-plus (en toenemend 30-plus) “volwasse kinders” of “volwasse adolessente” uit – uitgegroeide kinders met geen klaarblyklige rigting of doel nie, wie se hoofingesteldheid blyk te wees om tyd met hul vriende te spandeer in 'n nimmer-eindigende waas van ewig-durende adolessensie.

Dit is nie 'n geïsoleerde gebeurtenis nie – dit is 'n groeiende kulturele verskynsel. Lev Grossman, skrywer vir die tydskrif *TIME*, het opgemerk: “Sosioloë begin besef dat 'n permanente verskuiwing plaasgevind het in die wyse waarop ons ons lewens leef. In die verlede het mense beweeg van kinderjare na tienerjare en van tienerjare na volwassenskap, maar deesdae is daar 'n nuwe intermedieë fase langs die weg. Die jare van 18 tot 25, en selfs daarna, het 'n onderskeibare, afsonderlike fase geword, 'n vreemde, oorgangs-kamaland tussen die tienerjare en volwassenskap waarin mense vir 'n paar ekstra jare vassteek en die ysterhok van volwasse verantwoordelikheid, wat voortdurend dreig om op hulle neer te stort, nog bietjie uitstel” (“*Grow up? Not so fast*”, 16 Januarie 2005).

Nogtans is die jong grootmensjare juis dié tyd in die lewe wanneer mense die meeste energie en lewenskrag het om te bestee aan die bou van

hul loopbane, huwelike en gesinne. Dit is nie 'n tyd om te vermors deur slegs rond te “hang” nie!

Sekere woorde van die apostel Paulus aan die jong evangelis Timotheüs is veral pynlik vir hierdie geslag: “Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid” (1 Timotheüs 4:12). Dit is ironies, terwyl die Westerse wêreld ewigdurende jeug *idealiseer*, word dit ook *verag*. Ouer persone kan nie net alleen neersien op die prestasies van jong mense, wat moeilike dinge gedoen het nie, ook jong mense self, wat agter nuttelose en verkwistende afleidings aanloop, kan onbewustelik die geleentheid wat God aan hulle bied om hul lewens op die regte spoor te bring en hul toekoms te bou, “verag”.

God gee nie slegs aan jong mense die geleentheid om voor te berei vir hul toekomstige menslike lewens nie, Hy roep alle ware Christene tans uit die wêreld uit om hul voor te berei as die eerste vrugte vir 'n toekoms in Sy Koninkryk. Wat beteken dit? Diegene wat vandag antwoord op Sy roepstem en hulle lewens aan Hom toewy, sal geleentheid ver bo hul wildste drome ontvang! Kyk wat het Jesus Christus aan Sy dissipels gesê: “En terwyl hulle na hierdie dinge luister, vertel Hy daar nog 'n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn. Hy het

dan gesê: 'n Man van hoë geboorte het na 'n ver land gereis om vir homself 'n koningskap te ontvang en dan terug te kom” (Lukas 19:11-12).

Hierdie edelman het tien geldstukke aan sy diensknegte gegee om mee handel te dryf terwyl hy weg was. Nadat hy teruggekeer het, het die edelman hulle vergoed vir hul diens. Wat was die vergoeding? Kyk: “En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (Lukas 19:16-17).

Die dienskneg wat sy heer se geld verdubbel het, het 'n groot beloning ontvang. Vandag se Christene sal 'n verstommende beloning ontvang indien ons ons bekeer en antwoord op God se roepstem. Met Christus se wederkoms kan ons die eerste vrugte in God se Koninkryk word en die ewige lewe as ons beloning ontvang (1 Korintiërs 15:52-53). Ons kan die geleentheid hê om in Christus se eie regering te dien. Paulus het die vraag gevra: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?” (1 Korintiërs 6:2). Vandag se Christene sal regters wees – heersers – in die Koninkryk van God. Dit is nou vir ons die tyd om voor te berei, om te groei in karakter en gehoorsaamheid aan God en om ons te onderwerp as

werktuie in Sy hande.

Wanneer ons eers die geleentheid begryp wat God aan diegene bied wat leer om Sy wil te doen, hoe kan ons nog val vir die luiheid en lusteloosheid wat hierdie wêreld aan ons wil bied? Dit is nou tyd om ons voor te berei vir ons lotsbestemming! Dit is nou tyd om te leer om verpligtinge aan te gaan en daarby te hou. Dit is nou tyd om verantwoordelikhede te aanvaar en nie daarvoor terug te deins nie. Dit is nou tyd om God te gehoorsaam – selfs wanneer dinge rof gaan en beteken dat ons teen die stroom moet swem. Dit is nou tyd om *gewillig te wees om moeilike dinge vir God te doen*.

Die profeet Jeremia het toegekyk hoe Jerusalem in oorlog en chaos verval toe die Babiloniërs die stad beleër het. Wat het hy afgelei uit wat hy gesien het? “Goed is die HERE vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek. Dit is goed om in stilheid te hoop op die hulp van die HERE. Dit is goed vir 'n man dat hy die juk in sy jeug dra” (Klaagliedere 3:25-27).

Jeremia het verstaan. Die jonkheidsjare is die tyd om voor te berei vir verantwoordelikhede – nie om net doelloos met die samelewing se gety saam te dryf nie.

'n Tyd van lusteloosheid

Is hierdie boodskap egter net vir tieners en jong grootmense bedoel? Of is dit vir 'n groter gehoor? Soos Dr. Douglas Winnail dit duidelik

maak in sy artikel: "Sewe lesse van die sewe Gemeentes" (elders in hierdie uitgawe), beskryf die tweede en derde hoofstukke van Openbaring sewe historiese Kerkgemeentes – en opeenvolgende Kerk-eras – vanaf die tyd van die Apostels tot aan die eindtyd. Die sewende en laaste era word "Laodicea" genoem – en karakteriseer die oorheersende gesindheid van die meeste Christene ten tye van Jesus Christus se wederkoms.

Ons leef nou in die eindtyd, dus is die waarskuwing aan Laodicea 'n waarskuwing aan ons geslag – aan die mense in die eindtyd, wat worstel teen die invreting van geestelike lusteloosheid: "En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:14-16). Watter kontras bied dit nie teen die uitbeelding van die getroue Filadelfiese Christene wat slegs 'n paar verse vroeër beskryf word nie, hulle wat sal vasbyt as 'n oorblyfsel naas hul Laodicensiese broeders.

Christus se boodskap is ook 'n aanklag teen 'n louwarm en lustelose samelewing as 'n geheel. Dink daaraan. 'n Paar geslagte gelede was waardes van harde werk en selfbeheersing diep ingewortel in die wese van die Westerse samelewing. Mense het

grootgeword met die veronderstelling dat sukses dikwels selfbeheersing verg en dat dit van mense verwag het om dinge te doen wat op die korttermyn nie altyd prettig of gerieflik was nie. Hoe oudmodies klink dit nie vandag vir baie mense nie! Selfs die terme "selfdiscipline" en "selfbeheersing" klink verouderd! Nogtans is selfbeheersing aanneemlik voor God; dit word gelys as een van die vrugte van die Gees (Galasiërs 5:22), en die apostel Paulus het daarvoor gepreek aan die goewerneur Felix (Handelinge 24:25).

Dit is soms moeilik om God te gehoorsaam, veral wanneer die hele vloei van die samelewing teen jou is. Byvoorbeeld, ons samelewing vind dit moeilik om die begeerte na besittings te beheer – derhalwe styg kredietkaarskulde al hoër en hoër. Christus het egter Sy dissipels geleer om nie hulle hart te plaas op besittings nie. Hy het gesê dat tensy ons gewillig is om ons besittings prys te gee ter wille van diens aan Hom, ons nie geskik is om Sy dissipels te wees nie (Mattheüs 19:21).

Dit is ook dikwels moeilik om mens se hartstog en woede te beheer. Hoe dikwels verloor ons nie ons humeur en doen dinge wat ons later berou nie? In 'n samelewing wat alle selfbeheersing oorboord gegooi het, hoor ons byna daagliks van mense wat hul humeure verloor en selfs toegee aan padwoede en moorddadige aanvalle op

hulpelose slagoffers. Nogtans moet Christene wat God wil behaag, hulle emosies oorwin en elke gedagte gevange neem (2 Korinthiërs 10:4-5).

Dit is ook moeilik om te waak teen wat uit ons mond kom. Ons hoor gedurig onbehoorlike en kru taal, oor die televisie, Internet en in daaglikse omgang met andere. Dit is baie moeilik om die tong te tem (Jakobus 3:8). Nietemin behoort ons, met Christus se hulp, ons woorde te tel, want Hy sê: "Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag" (Mattheüs 12:36).

Dit kan deesdae selfs moeilik wees om God se Sabbat te onderhou. Hoe ironies! Die Sabbat is 'n rusdag, nogtans trotseer baie mense wat hul geloof en moed beoefen verwerping deur gesinslede, vriende en bure. Ons mag selfs ons werk verloor – of nie in staat wees om werk te kry nie – omdat ons nie bereid is om op die Sabbat te werk nie. Nogtans het Jesus Christus belowe dat as ons gehoorsaamheid aan Hom ons hoogste prioriteit maak, Hy vir ons sal sorg – selfs seker sal maak dat ons het wat ons moet eet en aantrek (Mattheüs 6:31).

Om deesdae 'n ware Christen te wees, vereis 'n sterk karakter! Dit vereis dat ons bereid moet wees om opofferings te maak. Indien God u roep en u denke open vir Sy Waarheid, sal u gewillig wees om moeilike dinge te doen? Is u gewillig om u begeertes en u hartstogte te beheer? Is u bereid

om u tong te beheer? Is u bereid om u humeur te oorwin? Is u bereid om God eerste te plaas deur Sy Sabbatte en Heilige dae te onderhou?

Dit is nie nou die tyd om terug te deins nie – dit is tyd om sterk te wees en die uitdaging te aanvaar! Dit is die tyd om teen selftevredeheid en lusteloosheid van die samelewing te

gaan. Dit is tyd om ons werklik aan God te onderwerp. Dit is tyd om Hom toe te laat om ons te bemagtig om die moeilike dinge te doen om Hom te dien, selfs as ander mense dit nie doen nie. God soek mense om na vore te tree en Hom te dien, selfs wanneer dit moeilik is. Die Skrif bemoedig ons: "... want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde

om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeelde op Hom gerig is" (2 Kronieke 16:9). Ewigdurende seëninge en geleenthede wag op ware Christene wat gewillig is om hul aan Hom toe te vertrou, hulle te onderwerp aan Sy weë en die self te oorwin. Selfs wanneer dit moeilik is. **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Sewe lesse van sewe Gemeentes

suidelike Europa tevoorskyn getree wat in die Sabbat geglo het, asook sekere van die Heilige Dae, aan betaling van tiendes, volwasse doop en die voedselwette, terwyl hulle die leerstellings van die drie-eenheid, onsterflike siel, vaevuur en die populêre begrip van hemel en hel, verwerp het. *Metertyd* en onder druk van die Teen-Hervormingsmagte, het baie nogtans weer *teruggekeer* na die heersende gebruike om op Sondae eredienste te hou, heidense feesdae te onderhou en om in die weermag te dien, om vervolging vry te spring. Baie van hulle het gevolglik gely en gesterf (verwys na *Encyclopædia Britannica*, 11de uitgawe, "Waldense").

Die les van Thiatire is onomwonde: **Moet nie vir die skyn met valse leerstellings saamgaan nie – moet nie die waarheid kompromitteer nie – moet nie teruggaan na die weë waaruit u geroep is nie, anders sal u beproewings moet verduur.** Die Skrif bevat baie duidelike waarskuwings hieroor (Deuteronomium 12:29-31; Jeremia 10:2; 2 Korintiërs 6:14-18; 2 Petrus 2:18-22). Ons word uitdruklik vertel dat daar

aan die einde van die dae baie belydende Christene "mislei" sal word om vals godsdienstige gelowe wat in die mode is, te aanvaar, omdat hulle nie van beter geweet het nie of omdat hulle bereid was om 'n kompromis aan te gaan met die waarheid wat hulle eens geken het (2 Thessalonicense 2:1-13). Vir so baie wat hedendaags terugkeer na wat hulle voorheen geglo het, klink Paulus se boodskap baie duidelik: "So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is óf deur 'n woord óf deur 'n brief van ons" (2 Thessalonicense 2:15). Geestelike kompromie lei tot geestelike korrupsie. Dit het voorheen gebeur – dit kan vandag weer gebeur as ons nie waaksaam is nie!

Sardis: Die dooie Gemeente

Slegs 'n paar opmerkings word oor Sardis gemaak, 'n stad wat eens beroemd was vir sy kuns, handwerk en rykdom. Dit lyk of Sardis ooreenstem met die kerk-era vanaf die sestiende eeu tot die vroeëre twintigste eeu. Die belangrikste beskrywing van die Sardis era is dat dit 'n dooie gemeente was (Openbaring

3:1). Alhoewel dit 'n herkenbare naam en gedeeltes van die Waarheid besit het, het dit nooit veel met dié kosbare inligting gedoen nie. Gedurende hierdie tydperk het daar in Engeland, Amerika en ander dele van die wêreld, 'n aantal klein kerkies verskyn wat die Sabbat en ook sommige van die oorspronklike Christenskap onderhou het (sommige het selfs die naam Kerk van God of Kerk van Christus gebruik). Die meeste het egter klein, onbeduidende groepies, waarvan niemand ooit gehoor het nie, gebly. Die gemeente in Sardis is ook aangespoor om *waaksaam* te bly – maar, soos ons sal sien, het hulle nie geweet waarvoor om waaksaam te wees nie! Hulle het 'n noodsaaklike sleutel kortgekort om Bybelse profesieë te verstaan.

Die les van Sardis is sober: **Moet nie toelaat dat die Waarheid doodgaan nie – hou vas aan die Waarheid wat aan u oorgedra is – dra vrugte met hierdie kosbare waarheid, of word uitgewis uit die Boek van die Lewe! Ongelukkig, ten spyte van hierdie ernstige waarskuwings, toon die Bybel**

Vervolg op bladsy 15

Londen Roep

Welkom tot die nuwe EU!

Deur John Meakin

1 Desember 2009 dui 'n *historiese keerpunt* vir die Europese Unie en vir die Verenigde Koninkryk aan. Op daardie datum het die Lisbonse Verbeterde Verdrag wet geword nadat dit deur al die EU se lidlande aanvaar is.

Die Lisbonse Verdrag was nie in die volle sin van die woord 'n verdrag nie, maar eerder 'n bykans onverstaanbare sameflansing van wysigings, byvoegings en weglatings uit *vorige* verdrae wat gekonsolideer is in twee grondliggende dokumente: Die Verdrag oor die Europese Unie en die Verdrag oor die funksionering van die Europese Unie.

Waarom was die verdrag se verordening so ingewikkeld? Wat is die agtergrond en inhoud – en hoe word dit uit Londen bejeën? Die heel belangrikste, wat is die profetiese betekenis daarvan? Die eintlike rede vir die verdrag is gegrond in die wydverspreide bedenkinge en vrese oor die werklike aard van die sogenaamde “EU-plan”. Meningspeilings in die Verenigde Koninkryk het standhoudend getoon dat 'n besliste meerderheid verkies om nie opgeneem te word in 'n hoogs-burokatese federale superstaat nie. So 'n opkomende mag sal 'n

bedreiging wees vir die Verenigde Koninkryk kultuur, antieke geskiedenis en waardes, gemenerereg tradisies en die Britse manier van dinge doen.

Die droewige waarheid, wat nou goed gedokumenteer is, is dat opeenvolgende regerings van die Verenigde Koninkryk, wat terugdateer tot die vroeëre 1970s, bygestaan deur gedeeltes van die pers, *dít* waaroor die EU-plan eintlik gaan, grootskaals verdraai het. Hulle het beweer dat dit slegs maar 'n ekonomiese unie sou wees wat geen verlies aan Britse soewereiniteit sou behels nie. Heeltemal te veel Britte sien 'n geslag leiers wat skuldig is aan ontkenning, wanvoorstellings en blatante leuens in hul pogings om 'n skeptiese en fel onafhanklike wêreldspeler (wat argumentsonthalwe, in baie opsigte, die moderne wêreld gevorm het), na 'n bestemming te lei waar hulle nie wou wees nie.

Verskuilde grondwet vir 'n nuwe EU

Hierdie vrese was geleidelik verhoog deur die aard en bepalinge van vorige verdrae wat uitgeloop het op die omstrede 2004 konsep Konstitusionele Verdrag, wat

baie Britte teengestaan het omdat hulle besef het dit lei direk na 'n federale superstaat. Frankryk en Holland het, om hul eie redes, die verdrag in hul onderskeie referenda in Junie 2005 verwerp en dit het nooit EU-wet geword nie.

Na 'n gaping van twee jaar het die Duitse Presidentskap van die EU besprekings weer geopen om 'n manier te vind om die inhoud van die Konstitusionele Verdrag te wettig. Die gevolg was die sogenaamde Lisbonse Verdrag wat nie as 'n konstitusionele dokument voorgestel was nie, maar as 'n *opruimingsoefening* van die vorige verdrae. Dit was opgestel met so 'n verstommende ingewikkeldheid dat die meeste mense, insluitende baie politici, vergewe kan word dat hulle dit nie gelees het nie en dus gefaal het om te verstaan waaroor dit alles gaan.

Daar bestaan egter geen twyfel dat die Lisbonse Verdrag die bepalinge van die Konstitusionele Verdrag bevat nie, maar wat *opsetlik* so *verdoesel* is dat die inhoud onveranderd deurgesmokkel kon word. Al nege van die wesenlike punte van die vorige verdrag het inderdaad woord vir woord bewaar gebly! Lees hierdie kaalkop taksasie deur Valery Giscard d'Estaing,

President van die konvensie wat die bewoording van die Konsep Konstitusie opgestel het: "Indien mens na die inhoud kyk, is die slotsom dat die **institusionele voorstelle van die Konstitusionele Verdrag ... volledig in die Lisbonse Verdrag gevind word**, slegs in 'n ander volgorde en in die voorafgaande verdrae ingevoeg ... In die Verdrag van Lisbon, wat uitsluitlik opgestel is uit die Konstitusionele Verdrag, is al die gereedskap **presies dieselfde**. Slegs die volgorde in die gereedskapkas is verander. Die kas self is hervorsier deur gebruik te maak van 'n ou model wat drie afdelings het waarin jy moet rondsnuffel om te vind waarvoor jy soek" (aangehaal uit 'n ope brief wat op 26 Oktober 2007 in *Le Monde* gepubliseer is).

Gewaarwording van verraad

Terug in 2005 het die Britse Eerste Minister Tony Blair, onder groot druk van die media en die hele land, heel verrassend 'n referendum oor die EU aan die Britse kieserspubliek beloof. Nadat Gordon Brown hom opgevolg het was die enigste manier, om die Lisbonse Verdrag aanvaar te kry, egter om daardie belofte te verbreek en voor te gee dat die verdrag nie eintlik 'n konstitusionele dokument is nie en dus 'n referendum onnodig maak.

Die gevolg is 'n mees *diepgaande gevoel van verraad* onder baie Britte; hulle was nie toegelaat om hul demokratiese

keuse oor toetrede tot die EU uit te oefen nie, en daarmee saam *die hele toekomst van hul land*. Na die aanvaarding van die verdrag is daar 'n wydverspreide gevoel dat die Verenigde Koninkryk nie die waarheid vertel was oor die EU en laasgenoemde se ingrypende rol in die Britte se lewe nie. Die gevolg is dat die Verenigde Koninkryk nou verbind is tot hierdie belangrike verdrag *sonder algemene goedkeuring*.

Is die EU-Plan vervul?

Watter uitwerking sal die Lisbonse Verdrag hê, nou dat dit wetgeword het? In afwagting op die verdrag se aanvaarding het die Europese Raad op 19 November 2009 tereg een van die sleutelbepalings daarvan vervul deur die voormalige Belgiese Eerste Minister, Herman Van Rompuy, as die eerste President van die Raad aan te stel en voormalige EU Handelskommissaris, Catherine Ashton – lid van die Britse adelstand – as Hoë Verteenwoordiger van Buitelandse Sake. Terwyl die twee dienstermyne van respektiewelik 2½ en 5 jaar uitdien (met een moontlike vernuwing) is hulle nou in werklikheid die EU se nuwe President en Minister van Buitelandse Sake.

Nog 'n belangrike bepaling van die verdrag verleen ondubbelsinnig aan die EU sy *eie aparte regs persoonlikheid*. Dit beteken dat die EU nou, *in eie reg*, 'n internasionale speler

op die wêreldverhoog kan word, afsonderlik van en verhewe bo die lidstate (soos lande waaruit dit saamgestel is, nou bekend staan).

Die vorige Europese Gemeenskap, met dié se samestelling uit afsonderlike lande wat saam gegroepeer is, *het nou opgehou bestaan* en is vervang deur *die nuwe Europese Unie*. Dit geniet nou wetlike voorrang bo die lidstate en beërf die wetgewende magte wat voorheen aan die Gemeenskap gegee was.

Wat eers 'n gemeenskap was wat deur 'n internasionale ooreenkoms saamgesnoer was, het dus iets geword meer soos 'n *enkelstaat*. Dit het nuwe magte om sy eie afsonderlike begroting op te stel, wat dit toelaat om finansiële onafhanklik te wees van lidstate. Dit kenmerk 'n *radikale nuwe stadium* in die proses om die EU se aspirasies van 'n "steeds nouer unie" tussen al die volke van Europa, te verwesenlik. Die EU se doelstellings, wat altyd gemik was op verbetering van die maatskaplike, ekonomiese en omgewingstoestand vir Europa, *aanvaar nou baie groter politieke ambisies* om die EU se mag en beleid – en veral dit wat hulle beskou as *hul kenmerkende waardes* – meer beslissend op die wêreldtoneel te laat geld.

Noudat hierdie mylpaal-ontwikkeling bereik is, kan ons verwag dat die EU meer druk sal uitoefen om sy magte te konsolideer – beide binnelands en buitelands. Meer magte sal

na die kern getrek word en die krag van die lidstate sal verder verbrokkel. Die Lisbonse Verdrag laat wysigings toe aan sy twee grondliggende dokumente, waarvolgens verwag kan word dat die EU dan onversetlik sal ontplooi na die bestemming wat in die vooruitsig gestel was deur die stigtingsvaders – 'n magtige *federale unie, by magte om* met selfvertroue op die wêreldtoneel mee te ding en om sy belange en waardes te laat geld. Dit is betekenisvol dat geen bepaling in die Lisbonse Verdrag die President van die Europese Kommissie verhinder om ook President van die Europese

Raad te word nie. Dit skep dan 'n posisie van opperste Europese politieke mag, ongehoord sedert die laaste Heilige Romeinse Keiser!

Profetiese belangrikheid

Wanneer ons terugkyk oor die laaste 40 jaar se gekonkel terwyl die EU tot stand gekom het, het baie min mense die *geestelike* belangrikheid van hierdie ontwikkelings besef. Dit kenmerk 'n duidelike waterskeiding in die geprofeteerde *verval* van Brittanje en in die onafwendbare *opkoms* van 'n verenigde Europa – wat onversetlik ontplooi om

eindtydse gebeure te vervul soos in die boek Openbaring voorspel word. Brittanje, eerder as om na God op te sien om die nasie te lei (Hosea 8:14), het “onwettige bondgevoetskappe gewerf” (Hosea 8:9; 7:11) en word stadig “verslind” (Hosea 8:8) namate haar voormalige krag “verteer” word (Hosea 7:8-9; 9:11). Die Britte sal die dag berou wat hulle leiers die nasie verbind het tot 'n toekoms waarvoor hulle geen beheer het nie. Skryf gerus en vra vir ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, om meer uit te vind.

WVW

Vervolg vanaf bladsy 12 – Sewe lesse van sewe Gemeentes

se profesieë aan dat gelowiges “... die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels” aan die einde van die dae (2 Timotheüs 4:4). Jesaja praat van 'n tyd voor Christus se wederkoms, wanneer “... die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie” (Jesaja 59:14). Die prys sal hoog wees as ons die Waarheid laat afsterf – veral as ons nie uit die lesse van die geskiedenis leer nie!

Filadelfia: Klein, maar getrou

In teenstelling met die ander gemeentes op die posroete, was Filadelfia nie 'n welvarende, gesofistikeerde of invloedryke stad nie. Dit was geleë op 'n maklik-verdedigbare heuwel aan 'n belangrike hoofweg en het gedien as 'n buitepos vir die verspreiding van die Griekse en Romeinse kulture en later ook van die Christendom, na die

omstreke. Die stad was 'n hele paar keer deur aardbewings vernietig, maar was telkens weer opgebou. Dit bestaan vandag nog steeds. Die naam beteken “broederlike liefde”. Dit wil voorkom asof die Filadelfia-era in die 1930's begin het – ongeveer die tyd dat die radio gewild begin raak het en net voor die tyd van televisie. In die laaste sestig jaar het die Kerk van God gebruik gemaak van massamedia om miljoene mense te bereik – in die verkondiging van die evangelie van die toekomstige Koninkryk van God en om 'n waarskuwing aan die wêreld te rig om op die uitkyk te wees vir die tekens van die einde van hierdie samelewing en die wederkoms van Jesus Christus. Dit was die missie wat Jesus aan Sy kerk gegee het (Mattheüs 4:23; 10:6-7). Daardie boodskap behoort prominent te wees teen die einde van hierdie tydperk (Mattheüs 24:14). Die vermoë om die identiteit van die

moderne Israelitiese nasies te verstaan – 'n *sleutel* om die profesieë van die Bybel te verstaan – was aan die Kerk van God teruggegee tydens hierdie moderne Filadelfiese era.

God het belowe om aan die Filadelfiese era 'n oop deur te voorsien – 'n deur wat niemand kan sluit nie – om die evangelie te verkondig. Hierdie klein gemeente word geloof vir sy *volharding* om sy missie te volvoer en om aan die kosbare waarheid vas te hou en nie te kompromitteer nie (Openbaring 3:7-8). Deur getrou 'n Werk te doen en aan die Waarheid vas te hou – om nie sommer elkeen 'n kerk van sy keuse by te woon nie – word aan die Filadelfiese Christene beskerming tydens die toekomstige Groot Verdrukking belowe (Openbaring 3:10). Die les van Filadelfia is eenvoudig: **Bly getrou aan die Waarheid – verrig die werk deur die evangelie te verkondig –**

Vervolg op bladsy 26

Het u die onvergeeflike sonde gepleeg?

Deur Richard F. Ames

Een van die mees siel-pynigendste bekommernisse is die vrees om van God afgesny te wees. Selfs meer kwellend as dit, is die gedagte dat mens vir ewig afgesny kan wees, met geen kans op verlossing nie. Party mense is bevrees dat hulle die “onvergeeflike sonde” gepleeg het. Voel u skuldig of bekommerd dat u sondes u van God af weghou?

Indien u graag verlos wil word van u skuldige gevoelens – indien u self wil bekeer en graag verlos wil word van u gevoel van wanhopigheid – dan is daar hulp beskikbaar. God is nie daarop uit om mense met 'n slap riem te vang sodat hulle sondig en dit dan as verskoning gebruik om hulle te vernietig nie. Intendeel, God wil graag hê dat ons deel van Sy huisgesin moet wees en moet deel in Sy liefdevolle manier van lewe. Hy wil graag hê dat ons uit ons foute moet leer, ons bekeer en ons lewens verander.

Pla u gewete u? Die Skrif beskryf dat dié mense wat werklik die onvergeeflike sonde gepleeg het, hulle gewetes toegeskroei het – hulle word heeltemal verteer deur opstand teen God. Hulle is gladnie daarvoor bekommerd of hulle die uiterste sonde gepleeg het nie. Hulle mag bang wees vir hulle uiteindelijke straf, maar hulle soek nie uitkoms uit hulle

onbuigsame toewyding aan boosheid en bedorwenheid nie.

Presies wat is die onvergeeflike sonde? Eenvoudig gestel: Dit is 'n sonde wat nie vergewe sal word nie. God is gewillig om ons sondes te vergewe indien ons ons daarvan bekeer, indien ons jammer is daarvoor en indien ons vasberade is om te verander. Wanneer iemand sy gewete egter so toegeskroei het dat hy hom nooit daarvan sal bekeer nie, kan hy nie vergewe word nie. Jesus maak hierdie probleem duidelik: “Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het; maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel” (Markus 3:28-29).

Jesus sê dat alle sondes die mensekinders vergewe sal word indien hulle hul bekeer van daardie sondes. Die een onvergeeflike sonde is laster teen die Heilige Gees. Wat beteken dit? Hoe laster ons teen die Heilige Gees?

Volgens HAT beteken om te laster: “Beledig, hoon: [Teen] die Opperwese laster” of “eerskennis, onware kwaadsprekery”. 'n Vergelykende evangelieverslag gee aan ons 'n duidelike voorbeeld: “Toe het

hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien. En die hele menigte was verbaas en het gesê: Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie?” (Mattheüs 12:22-23).

Die skare het verstaan dat die geprofeteerde Messias, die Seun van Dawid, in staat sou wees om hierdie wonderwerk te vermag, maar die Fariseërs het valslik beweer dat Jesus gebruik gemaak het van Satan se mag. “Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels, nie” (Mattheüs 12:24).

Daardie beskuldigers het gelaster – hulle het kwaad gespreek van God se wonderbaarlike werk deur die Heilige Gees. Jesus het hulle kragtig gewaarsku: “Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige eeu nie” (Mattheüs 12:31-32).

Ons behoort almal ag te slaan op hierdie waarskuwing.

Kyk na die apostel Paulus se waarskuwing aan Christene: “Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie” (Hebreërs 10:26).

Opsetlike sonde is 'n heeltemal bewustelike, vasbeslote handeling en 'n gesindheid om nooit van sonde te bekeer nie. Die opsetlike sondaar is halsstarrig. Hy of sy het 'n gewete wat gekroei is om kwaad te doen. Hierdie soort sondaar sal nooit eens die gedagte oorweeg om te bekeer en daarna streef om na God se lewenswyse terug te keer nie (verwys 1 Timotheüs 4:2). Die verstokte sondaar is nie verblind soos die res van die wêreld nie, hulle “ken die waarheid”. Hulle weet wat die uitwerking van Christus se offer is, nogtans onheiligh hulle dit. Daarom wag op hierdie soort mense “... 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het?” (Hebreërs 10:27-29).

Ja, daar sal 'n vurige oordeel wees – 'n poel van vuur vir diegene wat volhard in opsetlike sonde en die Gees van genade beledig. Die Skrif gee ook 'n waarskuwing aan almal

wat, as Christene, “... die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het”. Onthou, God gee die Heilige Gees “... aan die wat Hom gehoorsaam is” (Handelinge 5:32). Indien Christene opsetlik terugdraai na boosheid – indien hulle wegval en hulle wend na 'n verstokte en permanente gesindheid van ongehoorsaamheid – leer die Skrif ons dat dit onmoontlik is “... om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak” (Hebreërs 6:6).

Werklik bekeerde Christene is daardie mense aan wie God die Heilige Gees gegee het (Romeine 8:9). Selfs bekeerde Christene sal sondig – maar hulle sal altyd boetvaardig wees en hulle bekeer. Hulle het 'n berouvolle gesindheid nodig en streef altyd daarna om hul gedrag en gesindheid te verander, selfs al voel hulle nog te swak om dit reeds te kan doen. God is geduldig, maar ons moet reageer op daardie geduld omdat die tyd kort word. Begeer altyd bekering. Begeer altyd om u lewe ten goede te verander selfs wanneer u weens swakheid, soms toegee aan versoeking. Vra God vir 'n berouvolle gees!

Hoe kan Christene die onvergeeflike sonde vermy?

Ons het gesien dat die onvergeeflike sonde 'n sonde is wat nie vergewe sal word nie,

omdat die sondaar opsetlik teen die Heilige Gees laster en sy hart so verhard dat hy nooit sal bekeer nie. So 'n sondaar skroei sy gewete toe om kwaad te doen en hy sal in die vuurpoel eindig, soos ons in Openbaring 21:8 lees. Hoe kan ons voorkom dat ons hierdie strydende, verharde denke het?

Ons het almal die keuse om lewe en liefde eerder as dood en ongehoorsaamheid te kies. Hoe kan enigiemand egter opsetlik en permanent besluit om die verkeerde weg van opstand te betree? Lees hier wat mnr. Herbert W. Armstrong geskryf het aangaande daardie opsetlike keuse: “Dit mag voortspruit uit foutiewe beredenering; van 'n foutiewe begeerte wat uitgedink is tot 'n finale vaste, permanente besluit ten opsigte van sy lewenswyse; of om wrewel in sy hart toe te laat teenoor óf God, óf 'n persoon wat hom moontlik te na gekom het. Om toe te laat dat haatdraendheid hom so verbitter dat dit hom sy hele lewensrigting laat verander en hom van God te distansieer” (*What Do You Mean, The 'Unpardonable Sin'?*, 1972, bl. 34).

Gekrenkte gevoelens lei dikwels tot gekrenktheid, en gekrenktheid tot haat en verbittering. Is u wrokkig of haatdraend teenoor iemand? Ons moet altyd op ons hoede wees vir dié soort gevoelens. Onthou: “Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie” (1 Johannes 3:15).

Indien u sodanige gevoelens koester, behoort u dit te oorkom deur 'n keuse te maak om God te vrees en te verkies om die erns van haat en gegriefdheid te verstaan.

In die Bergpredikasia gee Jesus 'n ander teenmiddel teen haatdraende gevoelens en begeertes om wraak te neem: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges" (Mattheüs 5:43-45).

Hierdie benadering klink naïef en belaglik vir die vleeslike denke, maar deur uitvoering van die opdrag om vir ons vyande te bid, kan ons gevrywaar word van die gif van bitterheid. Ja, dit is 'n rewolusionêre lewenswyse. Dit is in teenstelling met die hedendaagse selfsugtige, inhalige, "ek eerste" filosofie. Dit is egter die lewenswyse wat die Seun van God aan ons geleer het en die lewenswyse wat elkeen in die Millennium – Christus se toekomstige duisendjarige regering op aarde – sal leer. Probeer dit! Gaan werklik op u knieë en bid vir die welvaart van iemand wat u selfs moontlik haat. U sal verbaas wees oor die verligting van spanning wat u sal ondervind.

Ons gesindheid en benadering tot andere is uiters belangrik.

Volgens Sy oordeel sal God onreg straf. Soos die apostel Paulus geskryf het: "Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" (Romeine 12:19). Ons moet almal voor die regterstoel van Christus staan (Romeine 14:10). Vertrou op God dat Hy slegte mense sal straf, net soos Hy sê.

Nog 'n manier om bitterheid te oorkom, is: "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie" (Hebreërs 12:14-15).

Hier is nog 'n waarskuwing om bitterheid te vermy. Die voorskrif is: "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking". Jesus het in die Bergpredikasia gesê: "Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Mattheüs 5:9). Hy sê: "... doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg" (vers 44). Aanvaar u Sy uitdaging? Sal u uself voor God verootmoedig en vir u vyande bid? Dit sal baie daartoe bydra om enige wortel van bitterheid wat in u mag wees, te oorkom.

Mens kan ook die Heilige Gees verloor en die pad van die onvergeeflike sonde volg deur **voortdurende nalatigheid**.

Verwaarloos u gebed, Bybelstudie en omgang met ander bekeerde Christene?

Hierdie wêreld oefen so 'n aantrekkingskrag uit op ons belange dat ons aandag weggelei kan word van ons geestelike prioriteite. Wat is u persoonlike doel in die lewe? Jesus het gesê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Mattheüs 6:33). Volgens ons Verlosser, behoort dit ons lewensdoel te wees! As ons ons geestelike prioriteite verwaarloos, mag dit lei tot geestelike swakheid, maar God se Gees is die Gees van krag en liefde en gesonde denke. Die apostel Paulus het geskryf: "Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Timotheüs 1:6-7).

Sonder daardie geestelike krag sal ons nie in staat wees om ons lewe te verander nie. God is egter gewillig om aan ons daardie gawe te gee, die waardevolste gawe, uitgesonderd die gawe van Sy Seun vir die sondes van die wêreld. Wat moet ons doen? Op Pinksterdag, aan die heel begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk, het die apostel Petrus gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle

sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Christene ontvang wel daardie gawe, maar dit is 'n gawe wat waardeer moet word, en selfs “aangewakker moet word”, soos die apostel Paulus ons vermaan het.

Voortdurende verwaarlosing van ons geestelike prioriteit sal lei tot 'n “onverskillige” gesindheid – 'n gesindheid wat tot 'n verharde hart en die onvergeeflike sonde kan lei. “Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie” (Hebreërs 2:1). Indien ons dit nie doen nie, “... hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid *veronagsaam*?” (vers 3). Christene moet hulself daartoe verbind om nooit toe te laat dat verbitterde of gekrenkte gesindhede hul harte en denke vergiftig nie. Ons moet onself ook daartoe verbind om God te soek terwyl Hy te vinde is. Hou vol met innige gebed en Bybelstudie. Kies om geestelik wakker te bly. Verbind u daartoe om geestelik aktief en waaksam te bly!

Een van die mees gerusstellende en bemoedigende waarhede van die Bybel is dat miljarde mense – individue wat deur party Christene veroordeel is of as vir ewig verlore beskou word – in werklikheid geestelik verblind was. Hulle was vleeslik, hulle was selfs boos, maar hulle het nooit die ware Evangelie gehoor of dit verstaan nie. Ja, hulle sal sekerlik geoordeel word, net soos die goddelose mense van

Sodom of Gomorra geoordeel was toe God swael en vuur op hulle laat reën het. Het hierdie verblinde mense egter die onvergeeflike sonde gepleeg? Jesus het gepraat van daardie stede wat hulle moes bekeer toe hulle Sy dissipels hoor preek het: “Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad” (Mattheüs 10:15). Selfs die mense van Sodom en Gomorra sal hul geleentheid om gered te word, ontvang!

Hoop en bemoediging

God het Sy beloftes aan die aartsvader Abraham gegee, maar op die oog af het dit gelyk of vervulling daarvan onmoontlik was. Lees wat die Bybel sê oor Abraham se gesindheid: “Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees” (Romeine 4:18).

Abraham het “teen hoop op hoop geglo”, of soos *die Nuwe Vertaling* dit stel: “Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo”. Ek kan my daarmee vereenselwig. Voordat ek 'n Christen geword het, het ek net so gevoel. U Bybel is gevul met God se beloftes aan u. U kan 'n versekering, 'n verwagting en 'n hoop vir die toekoms hê. Daar is nie slegs hoop nie, maar ook belofte – die belofte van 'n nuwe wêreld, die Koninkryk van God op hierdie aarde en die duisendjarige regering van

Jesus Christus. Ek het geleer van Jesus Christus se belofte om terug te kom na hierdie aarde – en dat Hy ewigdurende wêreldvrede tot stand sal bring. Paulus sê verder: “Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus” (Efesiërs 2:13).

Indien u voel u is afgesny van God, kan u versoen word. U kan hoop hê. U kan nader gebring word deur die bloed van Christus. Indien u graag met een van ons leraars wil beraadslaag, skakel ons asseblief of skryf aan ons Streekkantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Daar is hoop vir u – en vir die miljarde mense op hierdie aarde. God wil hê dat alle mense op Sy liefde sal reageer. God “... wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (1 Timotheüs 2:4). U kan ook tot daardie kennis van die waarheid kom.

Indien u uself daarop toelê om u lewe te verander – indien u werklik diep boetvaardig is oor u sondes en u werklik bekeer – sal u vergewe word. 'n Noodsaaklike sleutel om die onvergeeflike sonde te vermy, is om altyd 'n berouvolle gesindheid te hê. “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig” (1 Johannes 1:9).

Ons behoort ons sondes voor ons God en Redder te bely. Onthou die tollenaar van wie Jesus gesê het dat hy, eerder as

Vervolg op bladsy 7

Sewe lesse van sewe Gemeentes

Deur Douglas S. Winnail

Ons leef in uitdagende tye in die geskiedenis van die Kerk wat Jesus gestig het. Idees wat vandag die rondte doen is *betekenisvol* op wyses wat min mense besef. Die subtiele terugkeer na hoofstroom “Christelike” leerstellings, die bekoring van nuwe vorme van kerkregering, die begeerte om weg te doen met die ampsdraers en 'n beweging verby 'n hiërargie na onafhanklikheid asook die voorkeur aan debattering eerder as om onderrig te word – is almal *ontstellende* kenmerke om van kennis te neem!

Sommige mense wonder wat vandag tussen God se mense aan die gang is. Waarom is daar so veel verdeeldheid, wedywering en teenstrydige menings? Is hierdie toenemende verskeidenheid 'n teken van geestelike volwasenheid? Beteken ware Christelike hoe om te leer om vreedsaam van mekaar te verskil? Indien wel, wat het van die eenheid tussen Sy dissipels geword waarvoor Jesus gebid het (Johannes 17:11)? Wat het geword van die doktrinêre harmonie waarop die Apostels so klem gelê het (1 Korinthiërs 1:10; Efesiërs 4:1-6, 13-16)? Mag u glo net wat vir u reg voel en steeds waarlik 'n Christen wees? Maak die bywoning van die kerk van u keuse van u 'n Filadelfiese Christen – of is daar meer by betrokke? Waarom is hierdie strydvrage so algemeen vandag?

Vir sommige beteken

hierdie florerende van verskeidenheid vooruitgang, terwyl dit vir andere 'n teken is van geestelike verwarring. Vir baie mense is die gelykmaak van die piramide van kerkregering 'n bevrydende beweging, terwyl dit vir andere 'n voorskrif vir chaos is! Sommige mense is in die wolke oor die veranderings wat in die kerke aan die gang is, terwyl daar diegene is wat bekommerd en verward is. Sommiges het moet opgee en padgee. Wat beteken al hierdie veranderings egter tog en waartoe sal dit lei? Het ons enige riglyne om ons te help en rigting te gee om deur hierdie stormagtige tye te kom?

Die *antwoorde* wat ons vandag nodig het, is te vinde in die Bybel se profesieë wat ongeveer 2,000 jaar gelede al geboekstaaf is in 'n boek wat weinig teoloë verstaan. Terwyl die kerke aangespoor word om “berouvol te wees oor voorspellings-verslawing”, is dit vir ons *nodig* om die *profesieë* wat op ons huidige tye betrekking het, te bestudeer en te verstaan. Die eerste paar hoofstukke in die boek van Openbaring voorsien waardevolle insig in die verlede, hede en toekoms van die Kerk van God. Die briewe aan die sewe gemeentes bevat nie slegs 'n oorsig van die geskiedenis van die Kerk nie, maar ook *belangrike lesse* wat ons deur hierdie verontrustende tye kan lei. Daardie lesse *verduidelik* ook wat vandag in die kerk aan die gang is. U kan dit nie bekostig om

hierdie noodsaaklike inligting te ignoreer nie.

Die doel van Openbaring

Die boek Openbaring word dikwels beskou as 'n vreemde boek vol misterieuse simbole wat moeilik of onmoontlik is om te verstaan. Die Bybel konstateer nogtans net die teenoorgestelde! Die woord “openbaring” beteken om “te onthul” of “te verduidelik”. In die heel eerste vers lees ons dat God die boek Openbaring geïnspireer het “... om aan Sy diensknegte te toon *wat gou moet gebeur*” (Openbaring 1:1). God sê verder: “Salig (bevoorreg, benydenswaardig) is hy wat die woorde van die profesie *lees*, en die wat dit *hoor* en *bewaar* wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (Openbaring 1:3). Die profesieë van Openbaring – insluitende die briewe aan die sewe gemeentes – *was bedoel om verstaan te word* – veral deur Christene vandag! Johannes het gebeure beskryf wat sal lei tot aan die einde van hierdie tydperk. Die *skakel* – tussen Johannes se tyd en die tyd van Christus se wederkoms – is die profetiese tydsduur uitgebeeld deur die *sewe kerk-eras*, uiteengesit in hoofstukke 2 en 3 van Openbaring.

Die briewe aan die sewe gemeentes het 'n drievoudige doel. Die briewe beskrywe werklike toestande in elke gemeente aan die einde van die eerste eeu n.C. Die aanvanklike les – aansprings en vermanings

– was bedoel vir die gemeentes van daardie tyd. Die briewe was nogtans deel van 'n boek van profesieë vir die toekoms. Die sewe gemeentes was geografies gerangskik langs 'n posroete in westelike Klein-Asië (moderne Turkye). Geleerdes besef ook dat hierdie volgorde sewe eras van die Kerk van God uitbeeld, vanaf die tyd van die Apostels tot en met die einde van hierdie huidige tydvak. Die toestande in die gemeentes, soos beskryf in die briewe, beskryf profeties die toestande wat heersend sal wees in elke opeenvolgende era – waar dieselfde lesse van toepassing sou wees. Johannes het die boek van Openbaring geadresseer “aan die “sewe gemeentes” (Openbaring 1:4), wat aantoon dat elke gemeente se brief in al die ander gemeentes gelees moet word. Dus is die derde doel van die briewe om algemene lesse wat wêreldwye menslike neigings beskryf en daaroor handel, oor te dra. Hierdie artikel sal fokus op wat hierdie briewe aangaande die verskillende eras van die Kerk openbaar – veral ons moderne era – en hoe die lesse vandag op ons betrekking het.

Efese: Verloor eerste liefde

E f e s e w a s d i e toonaangewende stad van Klein-Asië – maar dit was in 'n toestand van agteruitgang. Die Gemeente in Efese is simbolies van die Apostoliese era van die eerste en tweede eeue n.C. Hierdie gemeente is geprys vir sy werke – die prediking, lyding, diensbaarheid, reise en geskifte van die eerste dissipels (Openbaring 2:1-3). Selfs hulle

moes onderskei tussen valse leraars en ware Christelike leermeesters. Net soos die verbygaande glorie van Efese, is die gemeente nogtans aan die einde van die eerste eeu meegedeel: “Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het” (Openbaring 2:4). God waarsku dat indien hulle nie berou het en hulle bekeer nie, Hy sal ophou om hulle vir Sy doel te gebruik (Openbaring 2:5).

Wat beteken dit egter om jou eerste liefde te *verlaat* of dit te *verloor*? Johannes se eie geskifte verduidelik dit. Hierdie Apostel vergelyk liefde met in die waarheid wandel en met die onderhouding van die Gebooe (2 Johannes 6). Met betrekking tot die uitwerking van vals leermeesters, waarsku hy: “Wees op julle hoede, dat ons *nie verloor* wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang” (2 Johannes 8). In 3 Johannes moedig hy die kerk aan om die broeders te dien “... sodat ons mede-arbeiders van die waarheid kan word” (verse 4-8). Terwyl Jesus nederigheid beklemtoon (Mattheüs 5:3) en liefde tot die naaste (Johannes 15:12), het die gemeente aan die einde van die eerste eeu *individue* gehad wat *voortreflikheid liever* gehad het as andere – hulle was lief vir hul posisie – wat die Bybel kwaad doen noem (3 Johannes 9-11).

Die Gemeente van Efese – die Apostoliese era – het sy liefde vir God verloor, vir die Waarheid, vir die doen van die Werk en vir die broeders. In die plek van hierdie belangrike grondbeginsels, het mense na misleidende leerstellings geluister (waarskynlik van Gnostiese oorsprong – sien

Openbaring 2:6). Vir party van hulle was die *bekleding van 'n posisie* van meer belang as om die Waarheid aan te hang. Selfs vandag nog is party mense meer begaan oor die bekleding van 'n posisie – moontlik om as ouderling of diaken te dien, sangboeke uit te deel of om 'n koor te lei – as om die Werk van God te doen. Die les uit die Efesiese era is duidelik: **Kom terug na die regte spoor – doen die Werk – verkondig die evangelie met ywer – wees lief vir die Waarheid – wees lief vir mekaar.**

In 'n opvallende parallel met ons moderne era, sien ons dat die kerk van die Nuwe Testament, wat in die 30's begin het, reeds in die 90's begin versplinter het – toe Johannes sy sendbriewe en die boek van Openbaring geskryf het. Die apostel Paulus dui aan dat hierdie uiteenlopendheid van sienswyses reeds vir 'n tyd lank teenwoordig was (1 Korinthiërs 1:10-13) en dat dit veroorsaak het dat mense wegval (2 Timotheüs 1:15). Binne 60 jaar nadat die kerk deur Jesus Christus gestig was, was dit deurtrek met verdeeldheid en struweling oor leerstellings. Dit behoort vir ons vandag 'n sobere les te wees!

Smirna: Getrou in beproewing

Die gemeente in Smirna bied nog 'n kragtige en tydlose les. Smirna was 'n vooruitsstrewende, besige, pragtig-beplande hawestad, maar Christene daar het besonder baie vervolging verduur. Dit lyk of die Smirna era die derde en die vierde eeue n.C. dek – 'n periode van intense vervolging van die kerk deur die

Romeine. Terwyl die Smirna era geloof word vir hulle werke en omdat hulle ryk is in geloof (Openbaring 2:9), word by hulle aangedring: “Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee” (Openbaring 2:10). Die Gemeente van Smirna illustreer die kritiese **belangrikheid** van **uithouvermoë** – van *vashou aan jou geloof* in moeilike tye. Jesus het gesê: “Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Mattheüs 24:13). Die apostel Paulus skryf dat slegs diegene wat die wedloop *voltooi*, 'n prys gegee sal word (1 Korinthiërs 9:24-27). Die ouderlinge word vermaan om te wees soos “een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is” (Titus 1:9). As u 'n vaste fondament het (Mattheüs 7:24-29) en u maak tyd om te “bewys” wat die waarheid is (1 Thessalonicense 5:21) sal u voorbereid wees om te volhard wanneer moeilike tye aanbreek.

Historiese bronne dui aan dat die Christene in die Smirna era in die Millennium – die duisendjarige vrederyk van Christus en die heiliges hier op aarde – geglo het ... Hulle wou niks te doen hê met die Romeinse Saturnalia en Brumalia (die oorsprong van moderne Kersfees), nie. Hulle het hul tiendes betaal en het nie aan 'n onsterflike siel geglo nie. Hulle het die Sabbat en God se Heilige Dae onderhou en het die dieetwette van die Skrif gevolg (verwys na Edward Gibbon se *The Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 15). Dit is geen wonder dat hulle vervolgd was nie – hulle het nie die heersende sosiale en

godsdienstige gebruike gevolg nie. Smirna is een van slegs twee gemeentes wat geen teregwyding ontvang het nie. Die les van die Smirna era is **e e n v o u d i g**, m a a r lewensnoodsaaklik en tydloos: **Bly getrou in beproewing – volhard tot die einde toe – moet nie moed opgee nie – moet nie ophou nie!** Dit is 'n les wat ons nooit kan bekostig om te vergeet nie!

Pergamus: Die kompromitterende Gemeente

Pergamus, met sy imposante tempels van Zeus, Apollo, Athene, Asklepios (die genesende kultus) en die Keiser, was die hoofstad van Klein-Asië. Die inwoners was gesofistikeerd en geletterd. Die gemeente in Pergamus is tereggewys omdat hulle vals leraars toegelaat het om “'n struikelblok” voor die gelowiges te werp (Openbaring 2:14). Terwyl mense aanvanklik dalk nie die valse leerstellings glo nie, kan *verdraagsaamheid* teenoor die verspreiding van misleidende idees uiteindelik daartoe lei dat baie mense die beginsels van ware Apostoliese Christenskap kompromitteer en sodoende geestelik struikel. Die Bybel onthul dat nie net vals leermeesters nie, maar beproewings, verdrukking en vervolging (Mattheüs 13:21) asook swak voorbeelde (1 Korinthiërs 8:9) mense kan laat struikel. Sommiges sal selfs struikel oor die Woord van God en die leerstellings van Jesus Christus (Maleagi 2:8; 1 Korinthiërs 1:23).

Dit lyk of die Pergamus era strek vanaf ongeveer 500 tot 1000 n.C. Dit was gedurende hierdie tyd – die Donker

Middeleeue toe die Roomse Kerk Europa oorheers het – dat die dominante kerk Paasfees (Easter), Kersfees, Halloween en die filosofiese idees van die drie-eenheid en die onsterflikheid van die siel, uit die heidendom geabsorbeer het. Intellektuele wêreldwysheid, menslike redenasies en die begeerte na vooruitgang, lei dikwels daartoe dat fundamentele Bybelse waarhede verwerp word. Die les van Pergamus is duidelik: **Moet nie valse leerstellings verdra of diegene wat dit bevorder nie – kompromie laat mense struikel: Christene moet staan vir die Waarheid.** Hierdie advies is veral toepaslik op die kerk vandag!

Thiatire: Die korrupte Gemeente

Thiatire was 'n binnelandse stad wat aan 'n belangrike handelsroete geleë was. Dit was 'n kommersiële sentrum met baie handelsgildes en die tuiste van 'n militêre garnisoen. Hulle beskermende godheid was 'n oorlogsgodin. Om deel te neem aan die plaaslike ekonomie, was dit nodig om aan een van die gildes te behoort, gildes wat jaarliks die feeste van die afgode geborg het – en daardeur druk uitgeoefen het om te *kompromitteer om daar in te pas*. Dit wil voorkom of die Thiatire era gestrek het vanaf omtrent die elfde eeu tot die sestiende eeu, met inbegrip van die tydperk van die Hervorming asook die tydperk van die Teen-Hervorming, toe groot getalle lede die gevestigde Roomse Kerk verlaat het. Gedurende hierdie tydperk het groepe Christene in sentraal en

Vervolg op bladsy 12

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Toe ek van God begin leer het deur die *Tomorrow's World* se programme, die tydskrif en die boekies, het ek gedink dat my gesin, vriende en kollegas net so opgewonde sou wees as wat ek was om die waarhede te ontdek wat ek ontdek het. Hulle negatiewe reaksies het my dus verbaas. Het ek iets verkeerd gedoen deur dit wat ek besig is om te leer, met hulle te deel?

ANTWOORD: U het dalk 'n fout begaan wat baie mense dikwels maak wanneer hulle vir die eerste keer die wonderlike en opwindende waarheid aangaande God se plan van redding vir die mensdom begin verstaan. Wanneer u weet hoe wonderlik hierdie kennis is en hoe dit u lewe verander het, is dit natuurlik dat u graag u blydschap met andere wil deel. Christene behoort sekerlik nie hul geloof "onder die maatemmer" weg te steek nie (Mattheüs 5:15). Die grondslag waarop Christene egter hul geloof met andere moet deel, is om 'n soos-Christus voorbeeld te stel in hul gedrag (1 Petrus 2:21). Ja, ons moet gereed wees om aan elkeen wat vra, 'n antwoord te gee van die hoop wat in ons is (1 Petrus 3:15). Selfs al sou mense ons nie vra oor leerstellings nie, sal hulle nog steeds sien hoe ons optree. Algemeen gesproke, wanneer mense u persoonlike voorbeeld as Christen sien – wanneer hulle die gevolg van ware Christelikheid in u lewe sien – sal hulle meer geneig wees om u uit te vra oor wat u glo.

Dit maak nie saak hoe opgewonde u is oor wat God u leer nie, u kan nie – deur die mag van u woorde – iemand in God se Kerk in "preek" nie. Die Skrif maak dit duidelik dat dit 'n roeping van die Vader benodig – nie die opgewondenheid van 'n vriend of familielid nie – om te kan verstaan wat God openbaar. Onthou: "En Jesus antwoord en sê vir hulle ... Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe" (Johannes 6:43-45).

Ja, God besluit wie Hy wil roep – en ons weet uit Sy Woord dat Hy nou, in hierdie huidige tydperk, slegs 'n relatief klein handjievol as "eerste vrugte" roep wat met Christus se wederkoms deel sal uitmaak van die "eerste opstanding". Let op: "En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduizendtalle" (Judas 14).

Alhoewel daar vandag meer as twee miljard mense op hierdie planeet lewe wat bely dat hulle Christene is, is die werklike getal ware Christene wat God geroep het, baie minder as dit.

Ons weet natuurlik dat God uiteindelik aan elkeen wat nog ooit geleef het, die geleentheid sal gee om die Bybel te verstaan en om die ewige lewe te kan ontvang. "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie" (Jeremia 31:33-34).

Vir die meeste mense wat deesdae die verkondiging van die ware Evangelie hoor, sal dit slegs 'n waarskuwende "getuienis" wees van wat gaan kom. Van al die baie wat die verkondiging van die waarheid hoor, roep God in hierdie huidige tydperk slegs 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32). Die oorgrote meerderheid mense bly verblind (2 Korinthiërs 4:3-4) – en dit is deel van God se plan, aangesien Hy weet dat hierdie mense nog nie gereed is vir hul roeping nie. Eerlikwaar, om te probeer om die lig van die waarheid te laat skyn in die denke van iemand wat verblind is, sal dikwels slegs vervolging van die persoon wat die lig vashou, tot gevolg hê. "Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie" (1 Johannes 3:13).

Laat u Christelike dade dus vir u spreek. Indien enigiemand navraag doen oor u geloof, deel met die persoon dit wat u gehelp het om te leer en te groei. Moet egter nie dink dat u God se waarheid op diegene rondom u kan afdwing nie. Bid dat God met daardie mense vir wie u lief is, sal werk, maar stel u vertrouwe in Hom – nie in u eie pogings nie – om te weet wanneer dit Sy wil is dat hulle geroep word. **WVW**

Profesie neem

Terugkere, Opstande en Rome

Volgens die woorde van die Londense koerant, *Daily Telegraph* (24 Oktober 2009), word dit “een van die mees beduidende ontwikkelings sedert die Hervorming”, genoem. Pous Benedict XVI het in Oktober 2009 'n geestelike bom op die belydende Christelike wêreld losgelaat deur *Anglicanorum Coetibus* goed te keur, wat 'n verstommende nuwe plan bekendstel om ontnugterde Anglikane, wie ontsteld is oor homoseksuele biskoppe, ordinerings van vroue en dieselfde-geslag huwelike, toe te laat om *terug te keer na die skoot van die Rooms-Katolieke Kerk*, terwyl hulle baie van hulle vorige Anglikaanse dissiplines mag behou – insluitend getroude priesters!

Hierdie verrassende aankondiging deur die Vatikaan – wat die Kerk van Engeland geskok het – word deur die Rooms-Katolieke beleidmakers geloof as *die werk van die Heilige Gees* wat die verskillende gedeeltes van die belydende Christelike gemeenskap lei “na Katolieke eenheid” onder die Pous. Beide die geskiedenis en Bybelse profesieë wat *nou gestalte begin aanneem*, verleen egter 'n *heel ander perspektief* aan hierdie onlangse merkwaardige verwikkeling!

Draaipunte van geskiedenis

Hierdie gewigtige aankondiging deur die Vatikaan is 'n poging om *die gang van die geskiedenis te wysig!* Die Anglikaanse Kerk – die Kerk van Engeland – het in 1534 van die

Kerk van Rome weggeskeur toe die Vatikaan die tot-nietigverklaring van Koning Henry VIII se huwelik geweier het. Sedertdien was die Anglikaanse Kerk aan die hart van Protestantse Engeland – die klein eilandnatie wat verskeie pogings deur Katolieke vorste op die Vasteland, om die Engelse met geweld na die Rooms Katolieke skoot terug te dwing, afgeweer het! Die neerlaag van die Spaanse Armada wat in 1588 deur die Katolieke Koning Philip II van Spanje gestuur was, was in Engeland gesien as “'n Goddelike ingryping” om Protestantse Engeland te bewaar. Hierdie dramatiese gebeure in Engeland en ander dele van Europa het die Protestantse Hervorming effektief bevorder. Die onlangse aankondiging om Anglikane se terugkeer na die Roomse Kerk te vergemaklik, sal 'n *betekenisvolle ommekeer* van vroeëre neigings wees en mag regkry wat die Spaanse Armada gefaal het om te vermag – die ondergang van die Anglikaanse Kerk en die verduistering van Protestantse Engeland.

'n Ander antieke skeur is ook in die proses om geheel te word. In 1054 het die “Groot Skeur” die Rooms-Katolieke Kerk in twee geskeur toe die Pous in Rome en die Patriarg in Konstantinopel mekaar wedersyds uit die kerk geban het oor sake van teologie en pouslike gesag. Ou vyandskappe was verder vererger deur die opgang van Italiaanse Katolieke handelaars in dominante posisies in die handel en finansiële sektore van Konstantinopel, waar hulle

plaaslike Griekse handelaars vervang het. Hierdie smeulende ontevredenheid het in geweld uitgebars toe Griekse Katolieke die Rooms-Katolieke handelaars in Konstantinopel aangeval het. In 1204 het kruisvaarders, op die Vierde Kruistog wat deur Pous Innocent III onderneem was, die pragtige stad Konstantinopel oorwin en brutaal verwoes. Rome se oplegging van Latynse patriarge op die oorwonne Grieke het aanleiding gegee tot 'n erflating van haat en wantroue tussen die Oosterse en Westerse takke van die “Christendom” wat vir meer as 950 jaar voortgesmeul het.

In die afgelope dekades egter, het Rooms-Katolieke pouse en Oosters-Ortodokse patriarge stadig beweeg na 'n heling van die Groot Skeur deur ontmoetings en saam te bid en te oorweeg wat voorheen ondenkbaar was! Die beweging na versoening is ook gedryf deur eksterne kragte: Die opkomende bedreiging van radikale Islam, die verval van morele waardes in die Westerse samelewing en die pogings van Europa se politieke elite om enige skyn van Christelikheid uit die openbare lewe te weer. Leiers in Rome en Konstantinopel besef dat, tensy hulle verenig, hulle eerder vroeër as later gesystap en as ontoepaslik beskou sal word deur die opkomende sekulêre magte.

Gesien in hierdie lig, is Pous Benedict se verrassende uitnodiging aan Anglikane om met waardigheid terug te keer na die Rooms-Katolieke skoot, 'n wesenlike stap en mag ook 'n voorspel wees tot hereniging

gestalte aan

met die lankvervreemde Oosters-Ortodokse Christene – die ander “long” van die Kerk. Dit lyk asof ons 'n *ander betekenisvolle draaipunt* in die geskiedenis dophou – een wat lank gelede in die Bybel voorspel is.

Eindtydse profesieë

Byna 2,000 jaar gelede was aan die apostel Johannes 'n profetiese visioen gegee van gebeure wat sal plaasvind aan die einde van hierdie tydvak, net voor Jesus Christus se wederkoms na hierdie aarde. In Openbaring 13 beskryf Johannes twee diere. Een beeld 'n magtige persoon uit wat 'n Europese politieke organisasie lei. Hy sal verskyn as die finale herrysing van 'n regeringstelsel wat verbind is aan die antieke Romeinse Ryk (sien Daniël 2:40-43). Die ander diere is 'n versinnebeelding van 'n invloedryke geestelike persoon aan die stuur van 'n kerk wat die wettigheid van die eerste diere bevorder (sien Daniël 7:8, 15-25). Later beeld Johannes hierdie geestelike organisasie uit as 'n “skarlakenrooi vrou” met wêreldwye invloed, terwyl sy “ry” (invloed uitoefen) op die politieke diere wat in Europa sal verrys (sien Openbaring 17). Daardie vrou word genoem: “Verborgeneid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde” (Openbaring 17:5).

Protestante het lank reeds hierdie simboliese voorstelling verbind met die Rooms-Katolieke Kerk (sien *Halley's Bible Handbook*, 24ste uitgawe), met haar baie godsdienstige

gebruike en tradisies wat terugdateer na die godsdienstige geheimenisse van antieke Babilon (sien *The Two Babylons*, Hislop). Interessant genoeg het pouse en Vatikaanse diplomate vir dekades die vorming van 'n verenigde Europa aangemoedig en bevorder. Is dit dan verrassend dat so 'n entiteit *vandag tevoorskyn tree* uit die as van die Romeinse Ryk – net soos die profesieë in Daniël en Openbaring voorspel het?

Die profeet Jesaja openbaar bykomende besonderhede oor die aktiwiteit van hierdie eindtydse godsdienstige organisasie. Hierdie “dogter van Babel” sal daarop aanspraak maak dat sy “gebiedster vir altyd” is (dink hier aan Rome, “die ewige stad”), en “dit is ek en niemand anders nie” (dink daaraan dat daardie kerk daarop aanspraak maak om die enigste ware Kerk te wees). Sy sal beweer: “Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie” (Jesaja 47:1-8) – sy sal baie moeite doen om haar verlore “dogterkerke” terug te win wat vir 'n tyd, uit *protes*, van haar geskei was (Openbaring 17:5).

Ons sien hoe hierdie profesieë *vandag besig is om gestalte aan te neem* in die pogings van die Roomse Kerk om ander belydende Christenkerke terug te bring in die Katolieke skoot van die *Moederkerk!* Die apostel Paulus het ook 'n profesie aangeteken wat hierdie migrasie van eens protesterende dogters terug na die Roomse Kerk, *deel maak van 'n reeks* dramatiese gebeure wat sal plaasvind net voor die wederkoms van Jesus Christus

na hierdie aarde.

Die Skrif openbaar dat, baie eens ware Christene hulle geloof sal versak en sal terugkeer na heidense praktyke aan die einde van hierdie tydvak (1 Timotheüs 4:1). Sommige sal terugkeer na 'n heidense vorm van vals Christelikheid; ander weer sal alle skyn van Christelikheid laat vaar. Tegelykertyd met ware Christene se versaking van die geloof wat eenmaal oorgelewer is, sal skokgolwe deur die wye belydende Christen-gemeenskap trek, namate eens afgeskeide “dogters” van Rome herenig met hulle “moeder”. Die eerste en tweede diere, hierbo beskryf, sal miljarde mense opsweep met 'n vals godsdienst wat rebelleer teen God se wette en die waarheid van Jesus Christus.

Antieke profesieë wat die terugkeer van protesterende dogterkerke na die Moederkerk voorspel, en die opstand van miljoene mense teen die leringe van die God van die Bybel, is *vandag besig om gestalte aan te neem* in dramatiese gebeure wat die wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde en die einde van hierdie tydvak, vooraf sal gaan! Om meer te leer oor hierdie wesenlike onderwerp, vra asseblief vir u gratis kopieë van ons boekies, *Satan se Vervalste Christendom* asook *Die Diere van Openbaring*. Namate ons nader kom aan die finale geprofeteerde tyd van die groot afvalligheid, is dit nodig dat u weet wat die waarheid is oor die toekoms van ons wêreld!

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 15 – Sewe lesse van sewe Gemeentes

beoefen broederliefde – moet nie toelaat dat iemand u kroon neem nie. Ons kan nie bekostig om die bal op hierdie kritieke moment in die geskiedenis, te laat val nie! Ons saligheid en ons beloning is op die spel as ons dit toelaat!

Laodicea: Louwarm en gemaksgtig

Laodicea is 'n interessante en leersame geval – 'n studie van kontraste. Uit die geskiedenis leer ons dat dit 'n trotse en welvarende stad was, maar dit het nogtans net 'n geringe rol gespeel in die verspreiding van die Griekse kultuur. Die stad se imposante verdedigingstelsel het die indruk geskep van mag en het 'n gevoel van sekuriteit geskep, nogtans het sy ligging in 'n vallei en die oop watervoorraad die stad baie kwesbaar gelaat. Laodicea was 'n banksentrum met 'n baie sterk gevoel van onafhanklikheid. Hierdie onafhanklike gesindheid word weerspieël in die Griekse naam “Laodicea” wat “die mense besluit” of “die mense oordeel” beteken (verwys na *Strong's Exhaustive Concordance*). Die Laodicea era beskryf die toestand van die Kerk van God net voor Jesus Christus se wederkoms. Dit is nie 'n mooi prentjie nie. Moontlik is dit waarom sommige mense die idee misken dat hierdie sewe gemeentes sewe historiese eras verteenwoordig – dit maak ongemaaklike leesstof uit!

Die aanklag teen Laodicea is hul louwarm gesindheid (Openbaring 3:16). Hulle rykdom en welvaart kweek 'n wêreldse gesindheid. Hulle is louwarm

aangaande die Waarheid, gehoorsaamheid aan die gebooe en hulle missie om die Werk te doen. Dit is net so walglik vir God as wat die “water” van Laodicea walglik was. Hulle is ook baie onafhanklik en “... het aan niks gebrek nie” (Openbaring 3:17). Sommiges in Laodicea ervaar geen behoefte aan leraars, regering, struktuur of doktrinale eenheid nie – dié dinge word beskou as ontbeerlik! Laodicea het 'n mediese skool gehad wat beroemd was vir sy oogself en tog beskryf die Bybel die mense daar as *blind* vir hulle eie geestelike toestand. Hulle intellektuele wêreld wysheid verhinder hulle om hul eie gebrek aan geestelike onderskeidingsvermoë in te sien. Laodicea het fyn swart klere van wol vervaardig, nogtans sê die Bybel dat hulle *nakend* was en wit kledingstukke benodig het (Openbaring 3:17-18). In hierdie sin benodig die naakte mense van Laodicea noodsaaklike gedeeltes geestelike wapenrusting – toegewydheid aan die Waarheid, ontsag vir die Gebooe, geloof, liefde, volharding – en hulle mag in gebreke bly om die Heilige Gees te beoefen (verwys na Efesiërs 6:10-19). Hierdie geestelike wapenrusting is nodig om vas te staan in tye van beproewing en om die evangelie met vrymoedigheid te verkondig. Hulle boodskap, hoewel dit die waarheid bevat, is neutraal en betekenisloos – soos die waters van Laodicea.

Die prentjie van Laodicea is dié van 'n gesofistikeerde, selfgenoegsame gemeente wat vertrou op sy eie rykdom, getalle en wysheid. Dit het die voorkoms

van krag, stabiliteit en eenheid, tog is dit intern verdeeld. Hierdie mense wat onafhanklikheid so hoog ag, mag onbewustelik die leierskap van Jesus Christus verwerp om hul eie ding te doen! Die demokratiese (die mense besluit) aspekte van die Laodicea era word weerspieël in besluite oor leerstellings, organisasie, regering, missie en metodes. Hierdie louwarm gesindheid is *geprofeteer om oorheersend* in die kerk te wees teen die einde van die dae. Die les van Laodicea is ernstig: **Word wakker voor dit te laat is – smeeek God om u oë te open om u eie geestelike toestand te kan insien – bekeer van welbehaaglikheid, kompromie, materialisme, hardkoppige onafhanklikheid – onderwerp u aan Jesus Christus se leierskap – moet nie u beloning verloor nie!**

Die briewe aan die sewe gemeentes – asook die sewe kerk-eras wat hulle verteenwoordig – bevat *belangrike* lesse! Daardie lesse was bedoel vir die gemeentes in die eerste eeu, en vir Christene regdeur alle eeue. Hulle is egter krities vir Christene vandag – individue wat aan die einde van die dae leef – in die Laodicea era! As ons hierdie lesse lees en daarop ag slaan, sal ons 'n beloning van Jesus Christus verkry. As ons dit verontagsaam of in gebreke bly om hierdie lewensbelangrike lesse te leer, dan sal daardie beloning in rook opgaan! Johannes raai al sewe gemeentes in Openbaring aan: “Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê”. Verstaan ons hoe toepaslik hierdie lesse is op elkeen van ons vandag? **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

aardbewings, hongersnode, pessiëktes en “verskriklike dinge” beskryf het wat die einde van hierdie tydvak sal aandui, sê Hy: “Maar **voor** al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangenis en julle voor konings en goewerneys bring *ter wille* van my Naam” (Lukas 21:12).

Waarom?

Omdat Jesus Christus gesê het dat “mense het die duisternis liewer gehad as die lig; *want hulle werke was boos*” (Johannes 3:19). Hierdie “wêreldlike” individue – toenemend in beheer van ons hele gemeenskap – kry 'n verskriklike *skuldgevoel* wanneer gekonfronteer word met die waarhede van die Bybel. Om hierdie skuldgevoel te verlig *draai hulle teen* ander wat 'n lewenswyse onderrig wat nog *altyd* vrede en bestendigheid regdeur enige gemeenskap gebring het tot die mate waartoe dit opreg toegepas was.

Die Wêreld van Môre-tydskrif publiseer die waarhede van die Bybel. Ons gee u baie profetiese artikels wat *spesifieke geprofeteerde* gebeure verduidelik wat gebeur het of wat nou begin om te gebeur. Hierdie gebeure sal *veral* die Amerikaners en nasies wat van die Britte afstam *raak*, wat inderwaarheid die fisiese afstammeling is van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme van Israel”. Soos ons boekie met die naam, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?* duidelik aandui, wanneer God praat van straf vir “Israel” aan die eindtyd, het dit te doen met die *Amerikaanse en nasies van Britse afkoms*. Indien u nog nie geskryf het vir en hierdie wesenlike waarheid *bestudeer* het nie, bel ons streekskantoor naaste aan u of skryf vir u **gratis** kopie van die bogenoemde boekie! U kan dit ook aanlyn lees of bestel by www.wvm.co.za!

Een voorbeeld van die Bybel se eindtyd verwysings na ons vandag, sowel as na die antieke Huis van Israel, is te vinde in die boek Hosea. Die profeet was geïnspireer om te skryf: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie

sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hoe meer hulle vermenigvuldig het, des te meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle heerlijkheid in skande verander” (Hosea 4:6-7). Omdat ons nasies se politieke, opvoedkundige en godsdienstige leiers aanhoudend die wette en leringe van die Bybel *verwerp* het, is ons bestem vir verdrukking erger as wat die wêreld nog ooit gesien het! Dit sal egter *liefdevolle tugtiging* wees van die Skepper, wat dit haat om ons op die verkeerde pad te sien wat ons verstrengel in skandelijke praktyke wat die wese van menslike ordentlikheid vernietig – soos Hy dit sien.

Diegene wat **werklik** die geïnspireerde woorde van die Bybel *glo* sal inderdaad toenemend vervolg en geteister word in die volgende paar jaar. “Polities korrekte” leiers sal voortdurend goddelose mans, vrouens en praktyke van alle soorte prys. Hulle sal *graag* God se woorde vergeet: “Die wat die wet verlaat, hulle prys die goddelose; maar die wat die wet onderhou, word vererg oor hulle. Slegte mense verstaan die reg nie, maar die wat die HERE soek, verstaan alles” (Spreuke 28:4-5). Sodanige mense hou verseker nie daarvan om te hoor wat die skrywer van Spreuke kort daarna sê nie: “Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel” (vers 9).

Mense wat aanhoudend God se wet “versaak” soos dit in die Bybel geopenbaar word, se gebede sal **nie** deur die ware God van die Skepping verhoor word nie! Hulle sal **nie** geseën word aan die einde nie. Alhoewel hulle sal toeneem in mag en invloed vir 'n paar jaar, wys God se woord dat hulle nie sal seëvier aan die einde nie.

In 'n *tweeledige* profesie wat duidelik vir ons dag sowel as vir antieke Israel bedoel is, het die Ewige God aan ons voorvaders gesê: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en *as julle my insettinge verwerp*, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooe doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die

tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie" (Levitikus 26:14-17).

Binne die volgende paar jaar sal ons begin sien hoe Amerikaanse en Britse Gemenebes magte verslaan en verootmoedig word meer as *in enige ander tyd* in die geskiedenis! Opstand teenoor God sal die **oorsaak** wees. Soos hierdie gebeure ontvou, mag die Ewige God u help om te verstaan.

Soos ultra-liberale en "polities korrekte" individue toenemend ons gemeenskap oorneem en byna *totaal die media domineer* – waar so baie mense hulle idees vandaan kry – maak seker dat u en u familie **bewus is** van wat werklik om u aangaan. Wees **bewus** daarvan dat u, as 'n feit, naby die **einde** van hierdie huidige tydvak leef

net voor Christus se wederkoms. Wees **bewus** dat alhoewel dit *wel* "die donkerste word net voor dagbreek", Jesus Christus spoedig **sal** kom met groot mag om Sy mense te verlos en in Sy ewigdurende Koninkryk te bring. Nadat Hy sommige van die verskriklike gebeure wat binnekort voorlê beskryf het, sê Jesus: "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Lukas 21:28).

Dus is daar groot **hoop** vir die toekoms! Soos God die Psalmdigter geïnspireer het om die Messias se komende heerskappy oor die hele aarde te beskryf: "In sy dae sal die regverdige bloei en volheid van vrede, totdat die maan nie meer is nie" (Psalm 72:7).



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880

of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus